

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



November 2025
R100.00 (BTW inkl.)
Namibië N\$105,00

tuis

KOS

**Middagete
is by my!**

**+ Krummelhoender met
karringmelk, stap vir stap**

DOEN DIT SELF

**Saksmeer 'n
baksteenmuur**

TUINE

**Leënes-sindroom die
vonk vir florerende
blombesigheid**

**REGRUK MET FLAIR-
KOMPETISIE**

**WEN JOU DEEL
VAN R120 000!**



VOOR & NÁ

**Opgeknop
vir herververkoop**

Stoepe

vir elke seisoen

**Van kontemporêr
tot landelik & eklekties**



**KOPIES VIR
JOU KUIERKOL**

GREYTON

**Tuis in twee skure
met 'n glasgang**

PRETORIA-REGIONALISME

**Twee argitekte maak mooi
met hout, glas, klip & staal**

STANFORD

**Karoo-styl & Skandi
saam onder een dak**



Anthracite



Azul Blue



Verde



White




stiles.co.za | info@stiles.co.za Funky Tiles, Bali, Anthracite, Matt. 333x333mm



STILES®

TEËLS & SANITÊRE WARE



34 LESERHUIS



LESERHUIS 46




58 LESERHUIS



Hallo somer! 68



LESERTUIN 112



120 Kom eet by my!

DEKOR

- 8 Vars idees om jou interieur speels én funksioneel te maak
- 34 Skuurhuis met 'n kinkel omring deur berge en fynbos
- 46 Huis uit die 1960's opgeknap tot sy eertydse glorie in die **Pretoria-regionalistiese styl**
- 58 Vriendinne druk hul stempel af op Stanford-huis met **organiese vorms**
- 68 Verfris jou styl Word geïnspireer deur dié droomstoepe
- 86 Opknap Van baksteen-“boks” tot baksteenkunswerk

IN DIE KOMBUIS

- 120 Beplan 'n **kuierspyskaart** met sterbestanddele op twee maniere gebruik
- 130 Gekrummelde karringmelkkoender stap vir stap
- 132 Kortpadkos Aandete in 'n japtrap!
- 134 Kos & drank Nuwe dinge

kompetisies

- 6 Sê jou sê en WEN
- 96 Skryf in vir **Regruk met Flair** 2025 en WEN jou deel van R120 000!
- 104 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 110 **Blokraai #187** Voltooi en WEN!

DOEN DIT SELF

- 98 Hoe om 'n **sementmuur te saksmeer**
- in die tuin**
- 112 'n **Passie vir snyblomme** lei tot twee opwindende nuwe projekte

GEREELD

- 14 Wat's nuut op die dekortoneel
- 100 Raad Vra die kenners
- 104 **Troeteldiere** Sorg vir 'n senior kat
- 106 **Tuindagboek**
- 138 **Agterblad** deur Karin Brynard

Onlangs laat ek my huis verf, en dis 'n ontwringing. My projekbestuurder is nie 'n man wat kortpaaie kies nie en toe ek op

die dag wat hulle begin werk, uitglip vir 'n paar admin-draaie en laatmiddag tuiskom, is losgoed in bokse weggepak, al die kuns in borrelplastiek toegedraai en die kaste – ook my klerekaste – met dik swart plastiek toegeplak as voorsorgmaatreeël teen stof.

Want, sê Adriaan (sien sy selfdoenprojek op bl. 98), as mens verf, moet jy ook onderhoud doen – daarom word krake reggemaak en op die koop toe kry die sponserige houtvloer in die leefkamer ook aandag. Uiteindelik, na 12 jaar in my huis, staan die TV-kas nie meer skeef nie.

Goeie goed gebeur mettertyd, reg?

Na 'n week of drie lyk die huis somer spoggerig en kan die groot uitpak begin. Kyk, ek het my nog nooit as 'n maksimalis beskou nie, maar ek het nogal goetertjies en dit lyk my goetertjies in kaste kry sweerlik kleintjies as die deure toe is. Hier in Tamboerskloof was dit duidelik meer *Khaki Fever* as kerkbasaar agter die toe kasdeure, want die rakke is vol. Die eetborde en sopbakke het pierinkies gebaar. En hoeveel slaabakke kan een mens hê? En melkbekertjies? Soveel melkbekertjies!

Ek wou nog nooit my lyf Marie Kondo hou nie, want nie alles wat nodig is om 'n huis aan die gang te hou kan jou vreugde gee nie. Haar “wyse woorde” dat alles moet “joy spark” is doodgewoon nie waar nie, hou ek vol. Die toiletborsel, byvoorbeeld, gee my geen vreugde nie, maar wat is 'n huis daarsonder?

Met elke boks wat ek oopmaak, laat ek die minimum sentiment toe. Ek pak meer goed terug in die bokse as in die kaste.

“Hoarding is rewarding,” skryf 'n Engelse leser nou eendag vir my. Ditsem en akkoord! Want ek het inderdaad goed wat al jare wag vir installasie en wat uiteindelik pas hul plekkie in Milnerstraat gekry het. Soos die terracotta-wynbottelstene wat ek eendag op 'n sypaadjie in die buurt sien staan het en opsluit in my kar gelaai het (met die huiseienaar se toestemming, natuurlik). Hulle is net vanoggend vasgemessel in my kombuis en die wynbottels word vanaand ingepak. Die bevrediging is diep en betekenisvol.

Maar party goed... Wel, jy moet weet wanneer daar geen “reward” gaan kom nie. Soos met die toeklamp-hangers wat ek in 2018 by Ikea in Amsterdam gekoop het met koorsige drome van 'n galerymuur met foto's wat ek gereeld kan afwissel by die voordeur. Die idee was rein, die uitvoering 'n pyn. Boks toe.

Dis heerlike lente – en tyd vir ligter leef.

En stoepsit. 'n Mens moet altyd iewers bietjie stoepsit.

Kry inspirasie op bl. 68.

Lekker lees!



tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Teksredakteur
Digitale redaksie
Multimedia-joernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Elna van der Merwe
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé

MEDEWERKERS

Johletta Brits, Karin Brynard, Greg Cox, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Gillian Eva, Lynne Fraser, Mary Jane Harris, Christoph Hoffmann, Misha Jordaan, Adriaan Koch, Tafadzwa Kwangwari, ER Lombard, Haidee Muller-Isaacs, Karl Rogers, Jeandri Streicher, Amanda van Wyngaardt

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela Di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois

ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Hoof: Sakeontwikkeling en strategieondersteuning

Lise van Breda, lise.coetsee@media24.com

Geleenthedirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kreatiewe hoof Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: Spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Produksiebestuurder Christine Smith

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesa Hoosain

UITGEWERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

Inkomste hoof Nerisa Coetzee

Finansiële hoof Lana Goliath

Bedryfshoof Edwina Lyners

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

Produkbestuurder Janine Snyman, janine.snyman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers



• Ons jaarlikse spesiale uitgawe *Tuis Werf* is steeds te koop. Dié ekstra dik bêreboek is net die regte medisyne vir die somermaande wat wink. Dis tyd vir deure oopgooi en buite leef. Dis immers een van die grootste plesiere van ons lieflike land.

• Dan is ons gewilde *Regruk met Flair*-kompetisie nou in volle gang, met 'n nuwe borg aan boord! Gelmar vat vanjaar ons hande in die soektog na die beste opknapprojekte van lesers. Is dit dalk joune? Jy het 'n kans om jou deel van R120 000 te wen. Lees alles op bl. 96.

Wicus
redakteur@tuis.co.za

tuis home **gelmar**
REGRUK
MET FLAIR

Die volgende uitgawe van *Tuis* is 14 November op straat.

MEDIA24 *Tuis* word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

Printed by **novus print** **ON THE DOT** **PUBLISHER** **abc** **Press Council**

Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.

 **easylife**
kitchens

33 jaar van gehaltdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 42 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuispesialistevereniging.

 easylifekitchens.co.za

"Die hele ervaring was 'n absolute plesier. Easylife Kitchens het selfs beter as verwag presteer en hulle word ten sterkste aanbeveel. Uitstekende werk, goeie span en 'n wonderlike resultaat!" **Glenn Daff, Salt Rock**

Ons lesers sê



Tuis in my bed

Linda Fourie van Hermanus skryf Op 42 breek ek nie net grense nie, ek skeur my kruisligamente én meniskus.

Ek's 'n ma van twee en nou sê die dokter streng: Kom van jou voete af, rus, operasie wag oor 'n week. My huis is deurmekaar, want Ma lê voete omhoog.

Maar weet jy wat? Ek kies om by alles verby te kyk en my te berus in hierdie seisoen van gedwonge rus. Ek gryp toe sommer my gunsteling – *Tuis*, natuurlik – en skrop nes met warm sjokolade. Of kom ek sê, die bietjie wat nog in die koppie oor is na my 10-jarige seuntjie dit vir my gemaak het.

Ek lees elke artikel van voor tot agter. Dis my klein stukkie vrede, inspirasie en normaliteit in hierdie vreemde tyd.

Soms is rus nie 'n keuse nie, dis 'n geleentheid.

Dankie vir redakteursbrief

Rickie Kruger van Klerksdorp skryf Ek is gewoonlik so gretig om die artikels te begin lees dat ek die redakteursbrief oorslaan. Vergewe my asseblief! Maar toe ek die Augustus-uitgawe oopslaan, het ek besluit om dit 'n slag te doen.

Ek stem saam met Wicus waar hy skryf dat tydskrifte wel steeds 'n groot rol in ons lewens speel. Tegnologie en digitale opsies het ons beroof van die pure plesier en vreugde om 'n papiertydskrif te koop. Soos Wicus se kollega Yvonne tereg gesê het, wanneer ons 'n tydskrif koop, "koop ons tyd vir onself" om te ontsnap!

As redakteur en kaptein van 'n "veilige skip" stuur Wicus ons deur onbekende waters en kies hy die interessantste reise waarin ons kan ontsnap. Baie dankie hiervoor! En dankie vir die sensitiewe en goedgehartigheid waarmee jy jou lesers behandel.

'n Stoepstorie

Lynette Strydom van Gqeberha skryf Tydens die grendeltyd het ons besluit om ons huis meer leefbaar te maak en 'n groot stoepvertrek aan te bou. Dit het gou die plek geword waar ons kuier, eet, werk en ontspan. Vir my is dit boonop my gunsteling-werkplek, want hier stroom lig vrylik in en die rustige atmosfeer laat my sommer kreatief voel.

As plaaskind het ek grootgeword met vars blomme in potte – partykeer uit die veld, ander kere uit my ma se tuin. Onlangs het my man besluit om sy trots en vreugde – sy pragtige orgideë – na die stoep te skuif. Hy wou wys hoe mooi hulle blom en ek moet erken, dit het die vertrek na 'n nuwe vlak van geselligheid en kleur geneem.



KORTLIKS

Mal oor *Tuis* (en Wicus se programme op TV)! Ek koop elke uitgawe. Ek wonder net wat bedoel Jenny Parsons wanneer sy praat van "intelligente" kleure (*September 2025-uitgawe, bladsy 23*)? Is daar dan dom kleure ook? Ek sal byvoorbeeld nie sommer saam met die kleure in haar huis kan leef nie, maar dit maak my nie dom nie. Leef en laat leef, glo ek: Laat sy haar kleurvolle huis geniet, en ek myne. – Nico Venter

Ek lees Wicus se redakteursbrief oor KI en ChatGPT en ek dink terug aan hoe ek Engels gepraat het met die bot. Gelukkig kon my seun wat oorsee in IT werk, vir my verduidelik hoe maklik dit is om ook Afrikaans te gebruik. Daar leer ek iets nuuts!

– Liné van Lill, Worcester

tuis

OP FACEBOOK

Watter braai-bykos is jou gunsteling?

- Geroosterde aartappelskywe en koringslaai (koud of warm). – Ané van Zyl
- My heerlike aartappelgebak! – Juliette Illingworth Meintjes
- Tel wyn? – Antionette Mills
- Gebraaide aartappelskywe, koolsaai en braaibroodjies met tamatie, kaas, uie, groen soetrissie en blatjang. – Karla van der Merwe
- Aartappelsaai, 'n vars, krakerige, groen mengelsaai, knoffelbrood en 'n pikante beetsaai. – Marelize Barnard
- 'n Bak aartappelsaai. – Cecile Joubert
- Romerige aartappelgebak vars uit die oond. – Pat Lester

WEN!

Die skrywer van die wenbrief ontvang 'n Musgrave Pink Gin-geskenkpak van R2 000.

Musgrave Spirits het nie net Suid-Afrika se eerste pienk jenewer in 2015 bekendgestel nie – hulle het 'n hele nuwe beweging aan die gang gesit! Tevore moes jenewerliefhebbers oorsee reis om die rosige revolusie te beleef wat die wêreld aan die oorneem was. Danksy Musgrave se baanbrekerswerk spog Suid-Afrikaanse kroë nou met dosyne soorte pienk jenewer.

Dié heerlike geskenkpak bevat 'n aantal Musgrave-jenewerprodukte, soos Musgrave Pink Gin, Musgrave Original Gin, Minis en Tonic Waters, sowel as 'n paar lekker versnaperings. Vir nog inligting en inspirasie hoe om jou eie pienk jenewerdrankies te maak besoek musgravespirits.com.



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.

Cielo

Inspiring Spaces



GEMAK WAT JOU OMVOU

CIELO.CO.ZA

WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • CENTURION • PRETORIA • EDENVALE • ALBERTON • ROODEPOORT • **WES-KAAP:** SOMERSET-WES • GEORGE • TABLE BAY • DE WATERKANT • **KWAZULU-NATAL:** BALLITO • **OOS-KAAP:** PORT ELIZABETH • **MPUMALANGA:** NELSPRUIT • **LIMPOPO:** POLOKWANE • **NAMIBIË:** WINDHOEK | DESIGN HUB • **MAURITIUS:** BLACK RIVER | BANGALOW



SKANDEER MY

**KOOP AANLYN
OF IN DIE WINKEL**

Speel & werk

EWE HARD

Die interieurontwerper Sihan Wiid van Mink Interiors rig 'n gesinshuis in dat dit net so funksioneel as speels is.

Saamgestel deur Johané Neilson
Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

Kunswerk teen muur deur Ibrahim Khatib; kunswerk bo kaggel deur Ofentse Seshabela; tafel en stoele van Pedersen + Lennard; swart-en-wit stoel van Cielo; mat van elevenpast; blou KitKat-teëls van Douglas Jones

VUURFOKUS

Sihan het van die kaggel in die eetkamer 'n fokuspunt gemaak met blou KitKat-teëls wat vertikaal van vloer tot plafon gelê is. Klompistene by die basis vorm 'n trappie en beskerm die houtvloer. 'n Steeninsessel gee definisie.

Natuurlike materiale balanseer die speelse kleure en sterk ontwerpelemente. Die bamboesbeklede plafon gee organiese tekstuur wat aansluit by die houtvloer en leerbank.

IN HARMONIE

'n Gasstofie is ingebou in die nie-funksionele kaggel in die leefvertrek. Dit is kunstig versier met geel KitKat-teëls op die muur bo en onder met kleurryke driehoekige teëls.

“Die geweepte hangligte eggo die skakerings van die teëls en skep só 'n visuele skakel. Die deurdagte spel met kleur gee energie en persoonlikheid aan die vertrek en verseker ook dat die verskillende elemente – meubels, afwerkings en dekor – 'n mooi geheelbeeld skep,” verduidelik Sihan. >>

Kuns deur Thina Dube, Jonah Sack, Sebotse Selamulela, Sophie Bishop en Marieke Prinsloo-Rowe; Hamlet-leerbank van Incanda; mat van MONN; fluweelstoele van Block & Chisel; koffi- en kantafel van Cielo; hangligte deur Wire Maven; geel KitKat-teëls van Douglas Jones; driehoekteëls van Wolkberg Casting Studios

BETER VLOEI

Die sitkamer was aanvanklik by die voordeur wat 'n ongemaklike vloei veroorsaak het en ook min muurruimte vir die media-eenheid gelaat het. Sitplek was beperk en dit het nie lekker gewerk vir 'n gesin nie. 'n Eenvoudige verandering wat 'n groot verskil gemaak het – die omruiling van die sit- en eetareas – het die manier waarop die huis werk dadelik verbeter. Die nuwe uitleg het 'n gemakliker TV-vertrek met genoeg sitplek terwyl die eetarea meer oop en verbind met die res van die huis voel.

Kunswerk links deur Ley Mboramwe



VERFKLEUR

Plascon Sheepish

TRAPPE TREK AANDAG

'n Asemrowende mentgroen trap skei die eet- en leefareas. Sihan het die houttrappe behou en toe dieselfde kleur gevef as die spesiaal vervaardigde metaalbalustrade.

“Ons het die ou houtreling verwyder en met die hulp van Ornamental Steel Warehouse Cape het ek die metaalbalustrade versigtig ontwerp om soos 'n legkaartstuk in te pas. Die metaal skep 'n industriële gevoel wat die oorheersing van hout verbreek,” verduideik Sihan.

Die metaalmaas met sy diamantontwerp laat lig deur en dra by tot die interieur se gevoel van oopheid.



VERFKLEUR

Plascon
Mint Ice Cream

TV INGESKAKEL

Die Art TV (middel onder) word deel van die galerymuur wanneer dit nie aangeskakel is nie en kunswerke daarop wys. So word die estetika van die vertrek nie versteur deur tegnologie nie.

*Otis, 'n Ierse wolfhond-kruising,
lyk baie tuis.*

DIE SLIMSTE SKUIF

"Dit was belangrik om 'n plek te skep waar die gesin om die kaggel kan kuier, 'n fliek kyk, bordspeletjies speel op die koffietafel of lê en lees. Alles het verander vandat die sitarea oopmaak op die onderdak-braaiplek: Nou vloei die kuiers gemaklik tussen binne en buite, ook as daar gaste is," sê Sihan. >>

PLEK VIR DIE TOEKOMS

Af in die gang en net oorkant die eetarea is 'n speel- en werkplek. Dis ontwerp om saam met die huiseienaars se seuntjie te ontwikkel wanneer hy vorder van die woelige laerskooljare tot die eise van die hoërskool.

Ingeboude bêreplek bokant die lessenaar verberg speelgoed, maar later kan skoolboeke en studieapparaat hier gepak word. Dis besonders afgewerk met 'n sagte groen Duco met rottangskerm in die deure vir tekstuur. Die lessenaar van soliede eik het plek vir speel en huiswerk. Die neutrale afwerkings en duursame materiale sal nie vinnig verouder nie. Spatsels kleur en speelse detail skep 'n gevoel van pret, maar dit kan met klein aanpassings aangepas word soos die jare aanstap.

Blou-en-wit-chevronplakpapier van WCI Wallpapers

VERFKLEUR

Plascon
Mint Ice Cream

Ons hou hiervan!

Bo die werkblad is 'n baie praktiese aansteekbord vir huiswerk, roosters en kreatiewe projekte.

'n L-vormige modulêre bank bied meer as net gemaklike sitplek. Die los rugleunings en ruim proporsies beteken dit kan as twee enkelbeddens ingespan word as maats oorslaap.

Bank deur Sofas & Chairs

Die blou metaalskuiwdeur skakel in by die ander metaalelemente wat in die huis gebruik is.



Die houtvloer in die huis is net afgeskuur en verseël.



Op die dek buite die leefvertrek is 'n spoggerige kombuisie met 'n Smeg-kroegskassie, opwasbak en wynbêreplek om in styl te onthaal. Die metaalgaasdeure eggo die trapontwerp en hierdeur word kontinuïteit in die huis verseker. 🏠



VERFKLEUR

Plascon Cinnamon City

Teëls van Moroccan Warehouse; kassies ontwerp deur Mink Interiors en gemaak deur African Creations; Cobra Refresh-mengkraan en mat swart Franke Maris Fraganite-opwasbak van Italtile; handvatsels van Handles inc.

VERFKLEUR

Dulux Aviator Silver

VERSKAFFERS African Creations 083 310 5475 **Block & Chisel** blockandchisel.co.za **Cielo** cielo.co.za **Douglas Jones** douglasjones.co.za **Dulux** dulux.co.za **elevenpast** elevenpast.co.za **Handles Inc.** handlesinc.co.za **Incanda** incanda.co.za **Italtile** italtile.co.za **Mink Interiors** minkinteriors.co.za **MONN** monn-shop.co.za **Moroccan Warehouse** moroccanwarehouse.com **Ornamental Steel Warehouse Cape** oswcape.co.za **Pedersen + Lennard** pedersenlennard.co.za **Plascon** plascon.co.za **Sofas & Chairs** instagram.com/sofas_and_chairs/ **WCI Wallpapers** wallcoverings.co.za **Wire Maven** wiremaven.co.za **Wolkberg Casting Studios** wolkbergcs.com





Wat's nuut

Saamgestel deur Johané Neilson



Groot Klein Karoo-buffet van eikehout met Naku Ginger-leerdetail en swart staalhandvatsels (180 cm L x 45 cm B x 90 cm H) R26 999, incanda.co.za

Ons het "Fractured" op Instagram raakgesien. Dis 'n reeks kunswerke deur Lorrae Joachim, die ontwerper van Tamarillo Ceramics. Ons hou baie van haar gebruik van klassieke Delft-erdeware! Gaan kyk by [instagram.com/hellotamarillo](https://www.instagram.com/hellotamarillo).



TEL DIE DAE

Die nuwe Stellenbosch Advent Calendar deur Elsje Designs (R1 200, elsje.co.za) bestaan uit 25 Delft-blou papierhuusies. Elkeen is van 'n historiese landmerk in Stellenbosch.



Sit so lekker!

Rodger-leunstoel van Italiaanse leer (in taankleur op foto) R16 900 en Chapala-buitestoel (in Henley Graphite-materiaal op foto) R14 200, albei van hertexhaus.co.za



NETJIES

Belthanger met
4 hake R39,
gelmar.co.za



Italtile se eksklusiewe mat Atelier-porseleinteël
233 x 1 200 mm deur die Spaanse teëlmaker
Halcon is 'n pragtige replika van Europese
essenhout wat in die Murcia-streek in Spanje
voorkom. Atelier Beige en Atelier Blanco R490/m².




Stripe Bean-ottoman
R899.99, mrphome.com



Kies klassiek

Die tweede hoofstuk van Cole & Son se Classics
Collection-plakpapier vir sy 150ste verjaardagviering
fokus op die ontwerpfirma se erfenis van "lewende
kuns en lewende geskiedenis". Sewe ontwerpe uit die
argief is nou beskikbaar in nuwe palette. Ons hou baie
van Iris, wat hier gewys word in die Violet on Citrine-
kleurskema. Die reeks is beskikbaar by St Leger &
Viney; gaan kyk by stleger.co.za.




Chippendale-drinktrollie (R8 500) en stoel
van hout en tou (R7 250)

Atelier Fifty6, wat
deur Mark en Michele
Metior in Bettysbaai
gestig is, fokus op
leefstyl en huisware.
Loer in by Winkel 2,
The Hub, Clarence-
rylaan 2989 of koop
aanlyn by fifty6.co.za.



Groen glashouer
(20 cm H) R320,
shop.babylonstoren.com >>



Goeie nuus!

Cara Saven, wat bekend is vir haar mooi plakpapier, het nou ook 'n materiaalreeks. Dit bestaan uit meer as 3 000 ontwerpe en is beskikbaar as gordyn- en stoffeermateriaal – alles op die skaal en in die kleur van jou keuse.

Ons hou baie van die Olivetta-muurbehangsel (links) en die kussings in Pink Plaid en Calidez (regs) uit die nuwe somer-dekorreëks. As jy tafelware, plakpapier, materiaal en muurbehangsels wil koop, besoek carasaven.com.



Vir kinders

Mungo se The Blocks-kombers (R1 770, mungo.co.za) van 100% katoen pas op 'n enkelbed. Dis beskikbaar in Aero of Blush en net 'n beperkte getal is gemaak, dus sal jy moet spring!

Bramwell-bank met 3.5 sitplekke (op die foto in Palm) van R41 995, blockandchisel.com

Het jy kinders of diere?
Die Fibreguard-materiaal is maklik om skoon te maak!



Die Wave- handgeknoopte mat van Nieu-Seelandse wol van R16 795, coralandhive.com

OSEAAN-INSPIRASIE

Rotspoele, branders en songebleikte skulpe is die inspirasie vir vir Shellegance x Coral + Hive se drie ontwerpe vir handge-weefde matte. Die kreatiewe krag agter Shellegance, die Suid-Afrikaanse kunstenaar Lucie de Moyencourt, is duidelik sigbaar in elke item se sjarme. Coral + Hive se sielvolle weeftegnieke rond die prentjie af.



Seasonal Bouquet-kussing met sloop van 100% linne (50 x 50 cm) R790, shop.babylonstoren.com

Sketch Palm-katoenkussingsloop (50 x 50 cm) R399, woolworths.co.za >>



Vir die Ware Fynproewer

DIE SAHARA WYNRAK



incanda
FURNITURE



Koop aanlyn
www.incanda.co.za


Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus

Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub



Bring tekstuur en 'n tikkie organiese warmte na die babakamer met die Natura-rottangbababed (72 cm L x 112 cm B x 113 cm H)
R5 500,
mrphome.com



Deken van breistof (125 cm x 250 cm)
R799, woolworths.co.za

Die Dark-reeks uit die Plascon Colour Forecast 2025 is 'n ryk palet van diep, dramatiese skakerings wat karakter en sofistikasie na interieurs bring. As jy meer wil weet van middernagpers, geheimsinnige oranje of diep sitroen en hoe om dit in jou huis te gebruik besoek plasconcolour.co.za.



Thread Office Indigo
Floral-vaas (25 cm)
R499, yuppiefchef.com



*Gemak
en weelde*

Oxford-
duvetsloopstelle
van 100% katoen
(van R1 200 vir
enkel), sloom.co.za

WERK IN STYL

Maryke-lessenaar (76 cm B x 45 cm L x 76 cm H)
15 999, poetrystores.co.za



Dis amptelik

Trouvé, Johannesburg se bekende vintagewinkel vir dekor en meubels in Greymont, is persoonlik deur Annie Sloan gekies as een van net 40 Annie Sloan-vlagskipwinkels wêreldwyd. Hulle bied 'n uitgesoekte versameling meubels en huisby-komstighede asook die volledige reeks Annie Sloan Chalk Paint-produkte en -werkinkels. Kyk by instagram.com/Trouveza. 📍



TYDLOOS & DUURSAAM.

BESIKBAAR BY:

takealot.com

Cashbuild

BRIGHTS



AL'S
HARDWARE

JACK'S
PAINT & HARDWARE

BU CO

AND OTHER LEADING HARDWARE STORES

 **MEDAL**
THE GOOD PAINT



medalpaints.co.za

Die kersie BO-OP!

Kersfees-standbeelde

vanaf

R129⁹⁹ elk

Té oulik
om weer
weg te
gee!

KOOP AANLYN | IN WINKEL | APP

*Alle items en meubels gemerk met 'n asterisk is aanlyn beskikbaar by [mrpricehome.com](https://www.mrpricehome.com) of in die [mrprice](#)-app of by uitgesoekte [mrpricehome](#)-winkels. Produkte is beskikbaar vanaf 2 Oktober 2025, terwyl voorraad hou.



- ① *Pak van 4 mediumgrootte disko-kersboomballe R39.99 goud en silwer
 ② *Glansgeskenkhouer R39.99 elk
 ③ *Hangende Martini-glaskersvaders of -geskenke R99.99 elk
 ④ *Pak van 3 kersvaderbeelde R199.99



- ① *Pak van hangende versierings vanaf R49.99 elk
 ② *Gedrukte en blinkertjie-kussing 50x50cm R229.99 elk
 ③ Gedrukte kussing 45x45cm R89.99 elk



- ① Kersvader-en-takbok R129.99 elk ② Geskenkverskeidenheid vanaf R29.99 elk ③ *Kersvader-trok-adventskalender R499.99



- ① *Abstrakte kersboombal R39.99 elk
 ② Strikloper met 'n geskulpte rand R199.99
 ③ *Geskulpte plekmat R35.99
 ④ Suikerstokkie-silkoenvorm R35.99
 ⑤ Koekies-en-melk-stel R199.99
 ⑥ Beker-geskenkstel R189.99
 ⑦ *Klein suikerlekker-opdienbord medium R199.99 elk
 ⑧ *Keramieksrik-opdienbord R199.99
 ⑨ *Pak van 15 verskeidenheid strikke R69.99
 ⑩ *Pak van 10 kersieklappers R299.99



mr price home



Klein boomopdienbord
van keramiek



KOOP AANLYN | IN WINKEL | APP Alle items en meubels gemerk met 'n asterisk is aanlyn beskikbaar by **mrprice** home.com of in die mrprice-app of by uitgesoekte **mrprice** home-winkels. Produkte is beskikbaar vanaf 2 Oktober 2025, terwyl voorraad hou.

Bedien met styl en SPRANKEL



① **Mango-slaaiopdienlepel R199.99 ② *Pak van 4 geweefde kersboomballe R149.99 ③ Pak van 3 boom-opdienbakkies R99.99 ④ **Mango-opdienbord van hout R299.99 ⑤ **Mango-slaaiopdienbord van hout R599.99



① *Bottel met 'n kersboomvorm R59.99 elk ② Opdienbord met 'n stervorm R99.99 ③ Gestapelde kolwyntjestaander R499.99 ④ Materiaalsierkrans 170cm R199.99



Boekie met
papierplekmatjies
30 bladsye

R129.99 elk

① Gefralingde, geweefde plekmatjie R89.99 elk ② Homewood-boombord R199.99 ③ Kersbord R179.99 ④ *Bamboes-en-keramiek-opdienbord R299.99



Geweefde
sterdienbord

R99.99 elk

① *Metaal-uitsneekersbord R159.99 ② Pak of 10 klappers R299.99 ③ Wyn- en sjampanjeglase met metaalkleur R79.99



*LED-gebosselseerde huisies 18cm

R129.99 elk



- ① Geriffelde kersboomballe **R29.99** elk ② *LED-uitsnee kersboomballe van keramiek **R99.99** ③ *Hangende keramiekboom **R69.99** ④ *LED-kegelbome **R39.99** elk ⑤ *Hangende hobbelperd **R69.99** ⑥ *Neutkrakerstandbeeld van keramiek **R179.99**



Klein geglasuurde bome

R49.99 elk

- ① *Keramiek engel **R79.99** ② *Kersvader-op-bremponrie **R79.99** ③ *Geglasuurde keramiekboom **R159.99** ④ *Kersvader & vriende-standbeeld **R179.99** ⑤ *Keramiekkegelboom **R199.99** ⑥ *LED-gebosselseerde boom **R199.99** ⑦ *Kersvadersgeskenstandbeeld van keramiek **R699.99**

*Klein kabouterkersvader

R79.99 elk

*Groot kabouterkersvader **R199.99**



- ① *Hangende metaalboom **R69.99** ② *Hangende gekerfde engel **R129.99** ③ *Klein LED-huisie van keramiek en hout **R129.99** ④ *LED-geglasuurde boom **R199.99** ⑤ LED-stringhuisies **R129.99** ⑥ *LED-huisie van keramiek en hout **R199.99** elk ⑦ *LED-kerkie van keramiek en hout **R259.99** elk

Feesgees vir die Kersgety!



Ditjies en datjies en alles NUUT...

Metaalbessiekrans

R159.99 elk

R179.99 elk



Gedrukte kussing
50x50cm

LED-klein keramiekhuisie

R79.99 elk

- ① *Boomversiering met geweefde engel **R159.99** ② Metaalgevekte kussing 50x50cm **R189.99** ③ *Geweefde sterboomversiering **R69.99** ④ *Metaal-uitsneedorppe **R199.99** ⑤ *Magnolia-gekraalde sierkrans **R199.99** ⑥ *Fluweelboomkussing **R199.99** ⑦ Borduurde fluweelkussing 50x50cm **R229.99** ⑧ Tekstuurkersboomkussing 50x50cm **R259.99** ⑨ Tekstuurkerskussing met "Merry Christmas"-motief 50x50cm **R259.99** ⑩ *Geglasuurde gebosselleerde boom **R299.99** ⑪ *Boomkussing met tassels 40x60cm **R259.99** ⑫ *LED-adventskalender **R499.99** ⑬ *Bessiesierkrans **R499.99** ⑭ *Worshondstandbeelde **R699.99**

KOOP AANLYN | IN WINKEL | APP
*Alle items en meubels gemerk met 'n asterisk is aanlyn beskikbaar by
mrpricehome.com of in die [mrprice](http://mrpricehome.com)-app of by uitgesoekte [mrpricehome](http://mrpricehome.com)-winkels.
Produkte is beskikbaar vanaf 2 Oktober 2025, terwyl voorraad hou.

 **mr price home**



① *Hangende antieke klokkes **R49.99** elk ② *Pak van 2 bessieservetringe **R79.99** ③ Gedrukte servet **R35.99** ④ *Metaalgedrukte bord of bakkie **R99.99** elk ⑤ *Mistel-teeligkersiehouer **R59.99** ⑥ *Mistel-opdienskottel met 2 verdelings **R199.99** ⑦ *Mistel-opdienskottel met 3 verdelings **R229.99** ⑧ Gedrukte tafelloper **R149.99** ⑨ Gedrukte 6-sitplek-tafeldoek **R399.99**



*Pak van 6 luukse fluweelklappers
R299.99



*Geskenkstoorflles van keramiek
R229.99



Wyn- en sjampanjeglase
R79.99 elk

① *Boekje met papierplekmatjies **R129.99**
② Granaatskinkbord **R189.99** ③ Hangende granaat **R39.99**

① Pak van 20 servette **R35.99** ② *Pak van 2 hangende borne **R49.99** ③ Suikerstokkiebekers **R119.99** elk ④ Pak van 2 teedoeke **R59.99** ⑤ Bessiesierkrans 120cm **R129.99** ⑥ Kersvader-op-bromponie **R79.99** ⑦ Kersvader-opdienbord **R219.99** ⑧ Kersvader-stapelteestel **R229.99**

Hoe MEER, hoe BETER



Gestreepte beker

R79.99 elk



*Stapelbekers

R79.99 elk



- ① Pak van 4 plekkaartjiehouers **R49.99** ② Enkel poinsettiablom **R49.99**
 ③ Bessiekrans **R199.99** ④ Stel van 3 kersvader-stapelkoffiebekers **R199.99** ⑤ *Kegelboom met blinkertjies versier **R199.99** ⑥ *Pak van 3 borne **R229.99** ⑦ *Taktokstoofles **R259.99** ⑧ Handstand-kersvaderstoofles **R299.99** elk ⑨ *Geskenkstoofles van keramiek **R359.99** elk ⑩ *Gedrukte 6-sitplek-tafeldoek **R399.99**

KOOP AANLYN | IN WINKEL | APP *Alle items en meubels gemerk met 'n asterisk is aanlyn beskikbaar by mrpricehome.com of in die mrprice-app of by uitgesoekte mrpricehome-winkels. Produkte is beskikbaar vanaf 2 Oktober 2025, terwyl voorraad hou.

 **mr price home**

**Fa la la
kom vier
saam!**

Al die klokkies en wense...



*Antieke houtboom 35cm

R159.99 elk

R169.99 elk



Gedrukte kussing 50x50cm

- ⑨ *Antieke goue huisie **R79.99** elk ⑩ *Antieke goue ster **R79.99** elk ⑪ Gedrukte foeliekussing 45x45cm **R99.99** ⑫ Ekstragroot geskenkhouer met 'n strik **R159.99** ⑬ Klein goue takbokstandbeeld **R159.99** Groot **R229.99** ⑭ *LED-uitsneester-kersvader **R179.99** ⑮ *LED-takbok met serp **R179.99** ⑯ Kabouter-sierkussing 40x60cm **R239.99** elk ⑰ "Joyful"-pluiskussing 40x60cm **R239.99** ⑱ *Geweeftde bessieboom 60cm **R259.99** ⑲ *Engelstandbeeld **R259.99** ⑳ *Granaatboom-potplant **R259.99** ㉑ *Geweeftde boomrump **R359.99** ㉒ *Neutekraker-adventskalender **R499.99** ㉓ *Kersvaderstandbeeld met "Merry Christmas"-teken **R499.99** ㉔ *Kersvader-met-beer-standbeeld **R699.99**

- ① *Antieke hangende harte **R39.99** elk
- ② *Hangende antieke engel **R59.99** elk
- ③ *Hangende tweekleurster **R59.99** elk
- ④ *Verskeidenheid hangende rame **R59.99** elk
- ⑤ *Hangende metaalster **R69.99** elk
- ⑥ *Pak van 3 geverfde en geblomde kersboomballe **R149.99**
- ⑦ *Ekstragroot boomversiering met fluweelstrik **R179.99**
- ⑧ Verskeidenheid versierde kersboomballe **R49.99** elk



*Klein geverfde perd

R129.99 elk

*Groot geverfde perd
R199.99

 **mr price home**

**In ons
feesseisoen!**



Pak van 2 gedraaide tafelkerse

R29.99 elk

① *Gedrukte glasbekers **R39.99** elk ② *Tafelkershouer met 'n keramiekstrik **R59.99** elk ③ Metaalkleur-pilaar kers **R79.99**, 10x10cm en 14x7.5cm **R129.99** elk ④ *Kersfees-opdienbord **R179.99** ⑤ 2m Bonkige goue engelhare, **R39.99**

Nét soos GOLD maar goedkoper!



Wyn- of sjampanjeglase met 'n goue en silver rand

R79.99 elk

① *Pak van 3 hangende versierings **R49.99** ② *Kersboomopdienbord van keramiek **R99.99** ③ *Metaal-kersboom-opdienbord **R69.99** elk



① Geskenksakkies vanaf **R19.99** elk ② Glasdrinkbeker **R69.99** elk ③ *Pak van 2 takbokopdienlepels **R279.99**



*Metaalbak

R79.99 elk

*Groot bord van metaal **R99.99** elk

① *Pak van 10 glans-teeligkersies **R29.99** ② Metaaldienbord **R49.99** elk ③ Gedrukte tafelloper **R189.99**

R29⁹⁹
elk

Gekraalde kersboomballe en
hangende veltversierings



- ① Gedrukte servet **R49.99** ② Pak van 3 klein strikke **R39.99** ③ Enkel poinsettia **R39.99**
④ Pak van 6 gestreepte kersboomballe **R129.99** ⑤ Sierstring met kersboomballe **R149.99**
⑥ *Klein dekoratiewe geskenk **R259.99** medium **R299.99**
⑦ *Klein LED-glansgeskenk **R259.99** medium **R299.99** ⑧ *LED-metaalboom 60cm **R299.99**
⑨ *Keramikstrikfles **R299.99** ⑩ *LED-neutekrakerstandbeeld van keramiek **R699.99**
⑪ *6-sitplek-tafeldoek met 'n wit skynsel **R379.99** ⑫ String met sterreligte **R159.99**
⑬ Pak van 3 traanvurmige kersboomballe **R99.99**

KOOP AANLYN | IN WINKEL | APP

*Alle items en meubels gemerk met 'n asterisk is aanlyn beskikbaar by
mrpricehome.com of in die mrprice-app of by uitgesoekte mrpricehome-winkels.
Produkte is beskikbaar vanaf 2 Oktober 2025, terwyl voorraad hou.

mr price home

Sit die glinster aan!

- ① Merry Christmas-teken R69.99
- ② *LED-keramiekkerkie R199.99
- ③ *Klein keramiekstapelboom R139.99
Groot R299.99
- ④ Ekstragroot aanknipstrik R129.99
- ⑤ *Lang LED-keramiekhuisie R229.99
- ⑥ *Rottangkegelboom 80cm R399.99



⑤



- ⑦ Sneespapier R29.99 ⑧ *Klein geskenksakkie R29.99
- ⑨ *Glansengel-boomversiering R49.99 ⑩ String met verligte kersboomballe R129.99 ⑪ *Medium geskenksakkie R39.99
- ⑫ *LED-dubbelkeramiekhuis R199.99 ⑬ *Medium glansboom R199.99 Groot R329.99 ⑭ *Neutetrakerstandbeeld 30cm R199.99



②



③



⑫



⑩



R79⁹⁹
elk

Klein keramiektakbok



④



⑥



⑬



⑭



Pak van 4 hangende keramiekhuisies

R99.99 pak



⑦



⑧

Dis vurige feestyd!

KOOP AANLYN | IN WINKEL | APP
*Alle items en meubels gemerk met *n asterisk is aanlyn beskikbaar by mrpricehome.com of in die mrprice-app of by uitgesoekte mrpricehome-winkels.

R99⁹⁹ elk

Keramiek-engele of
*LED-keramiek-geskenkboks

- ① *Klein kerusspel-stel **R199.99**
② *LED-keramiekengel **R229.99**
③ *Groot kerusspel-stel **R259.99**



- ① *Takbok met 'n goue rand **R129.99** elk ② *Ombré-boom **R159.99** ③ LED-uitsneeboom van keramiek **R179.99**

*Hangende
Kersfeesversierings vanaf

R39.99 elk



- ① *Pak van 3 bome **R229.99** elk ② *Mallemeuleperd van hout **R129.99** ③ *Ekstragroot geskenkboks **R159.99** ④ *LED-sterboomversiering **R179.99** ⑤ *Hobbelperdstandbeeld **R199.99**

mr price home

- ① Gedrukte foeliekussing
50x50cm

R179.99 elk

- ② Gedrukte vakkussing 50x60cm **R259.99** ③ Geborduurde
kussing 40x60cm **R279.99**

Geen opknap hier van ou plaasgeboue nie; dié Overbergse huis spog met twee nuwe skure verbind deur 'n glasstruktuur.

Skuurhuis

MET 'N VERSKIL

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Karl Rogers

Produksie Marian van Wyk



WIE WOON HIER?

Francois en Chantal Haasbroek
en hul kinders, Emile (15) en Ado (14)

WAAR Greyton

GROOTTE 498 m²

BUITEMURE

Die Haasbroeks hou nie van pleister nie en het drie natuurliker muurafwerkings vir die huis ingespan. Buite is voegbry gemeng met bindmiddel gebruik en net een laag is met 'n spatkwas aangewend. "Ek hou daarvan as die reën dit so effens afwas sodat 'n mens meer van die stene kan sien," sê Francois.

Die huis het twee stoepe. Die kleiner stoepe onder die rietdak is 'n lekker kuierplek in die somer. Die geel en grys stoele is by 'n tweedehandswinkel opgeraap.

Die twee stoele is erfstukke wat Francois-hulle laat oortrek het met geel materiaal. Sy oom Zakkie Eloff se kunswerke pronk teen die muur. Die vloere is bedek met Cemcrete wat aangewend is op 'n soliede betonbasis.

Kussings van Skinny laMinx



Dié prentjiemooi uitsig oor die Sonderendberge vanaf die Haasbroeks se ruim braaistoe is presies hoekom Francois en Chantal al 'n geruime tyd hul oog op dié erf gehad het.



“Die treffende vloerteëls het vir ons sin gemaak in hierdie ruimte omring deur staal, glas en plante,” sê Francois.

Teëls van CTM

Vir natuurmense soos die Haasbroeks was skilderagtige dorpieë nog altyd net die regte doepa vir die hart en siel. Elf jaar gelede toe die stad se gewoel op die Hoëveld te veel word, het hulle afgesit na die Wes-Kaap, heeltemal verlei deur die bekoring van Greyton in die Overberg.

Eers het hulle elders gehuur, maar drie jaar gelede het dié entrepreneurspaar hul droomhuis self ontwerp en op die randjie van die dorp gebou. Hier langs die natuurreservaat word hulle omring deur berg en fynbos.


“Dié dorpie is net die regte omgewing om ons kinders in groot te maak,” vertel Francois, wat die supermark en vulstasie op die dorp besit. “Ons verkies klein dorpieë. Hulle sê mos ‘it takes a village...’ en Greyton is regtigwaar ’n bewys hiervan.”

Hy het lankal sy oog op dié stuk grond gehad, maar dit was destyds nog nie op die mark nie. Natuurlik het hy nie op hom laat wag toe die geleentheid uiteindelik drie jaar gelede opduik om die grond te koop nie. Die ligging was eersteprys met sy wonderskone uitsig oor die kloof en Sonderendberge. >>

VERSEËLDE MURE

Die wit muur in die leefvertrek is op dieselfde manier as die buitemure afgewerk. Hier het Francois egter twee lae voegbry gemeng met bindmiddel aangewend. Dit gee die growwe tekstuur en aardse gevoel wat die Haasbroeks bo egalige pleisterwerk verkies.

Die smeulstofie in die middel van die leefarea skei die kombuis en TV-area. "Dis lekker knus met 'n kaggel wat albei kante toe warm maak en terselfdertyd privaat ruimte skep." Die stoele was 'n kopie by 'n tweedehandswinkel.



RUSTIEKE MURE

Vir sekere mure, soos hier in die kombuis, is die baksteen-afwerking baie natuurlik gehou. "Ek het die bakstene netjies laat lê en die sement gelyk met die voorkante van die stene laat pleister. Enige oortollige sement op die bakstene is met 'n spons afgevee om die voorkoms so glad moontlik te kry."

Francois het doodseker gemaak die groot buitebraai is langs die kombuis. Chantal is 'n uithalerkok en die gesin bring baie tyd saam deur in die kombuis. Die tafel het Francois gemaak uit steierplanke op staalpote.


Lampskerms van Malawi Furniture; rooi Apollo-stoele van Leroy Merlin

Dis sy buitestort en hy is min gepla dat iemand hom onder die lopende water sal raaksien, sê Francois. "Ek stort gereeld hier en bewonder die berge om my."

Handdoek van African Jacquard



Ons bly so lekker hier. Greyton is 'n regte juweel. – Francois



Die hoofbadkamer het 'n eenvoudige Cemente-vloer. "Die stortdeur is geriffelde glas, niks 'fancy' nie. Ek het net een muur geteël en die ander wit geverf sonder pleisterwerk," sê Francois.



‘Ek kan ’n bouplan lees’

Die huis moes aan Greyton se bepaalde argitektoniese riglyne voldoen en daarom het Francois-hulle besluit op 'n kombinasie van plaasstyl en 'n moderne kinkel. Die eindresultaat was 'n nuutgeboorde woonhuis bestaande uit twee skure wat verbind word deur 'n glasstruktuur in die middel. Groot glasdeure en vensters was ook 'n moet om Moeder Natuur hartlik by hul leefruimte in te nooi.

"Dit was vir ons belangrik om die uitsig rondom ons te benut en daarom is die huis gebou met sy uitsig oor die kloof en berge. Dit skep 'n gevoel van binne en buite as een en die glas laat soveel natuurlike lig in. Ons wou een wees met die natuur."

Francois sê bou is g'n "rocket science" nie en daarom was hy oor die jare heen nog altyd baie nou by al sy bouprojekte betrokke soos sy heel eerste restaurant op Pelgrimsrus, 'n lodge in Namibië en 'n huis in Pretoria. "Ek is nie 'n bouer van beroep nie, maar ek kan 'n bouplan lees en ek weet wat ek wil hê."

Dié keer het hy raad ingewin by sy bouer-vriend Gavin van den Berg van George en 'n paar bouers uit die omgewing ingespan om die gesin se droomhuis te bou. "Dit is ontwerp vir ons leefstyl. Elke vertrek is presies soos ons dit wou hê."

Hul huis moes hardop praat van kuier, familie en braai en dis presies wat dié pragplek weerspieël, sê Francois. "My vrou kom uit die restaurantbedryf en daarom moes ons kombuis die hartjie van die hele huis wees met ons wat daar rondom leef." >>

Handdoek van African Jacquard; lyfprodukte van Fijn Botanicals en Queen Bee Soap Co.; teëls van CTM; swart krane en wasbak van Takealot



In dié slaapkamer word 'n plastiekplant van die balke af gedrapeer. Die oorvloedige groenigheid skep 'n tropiese gevoel.

Kopstuk van Malawi Furniture; groot kussings van Mr Price Home; bedrukte en reghoekige kussings van Skinny laMinx; kombors van Ethos

LESERHUIS

Die ruim braaiplek het Francois self ontwerp. Die kombuisarea loop uit op dié stoep. Die mat (*regs*) het Chantal op 'n skoolveiling gekoop.



Stoele en tafeltjies van Malawi Furniture; effekleurige kussing van Skinny laMinx



Die moderne glasstruktuur funksioneer soos 'n gang wat die slaapskuur en leefskuur met mekaar verbind. Dit dien ook as voorportaal en is gevul met plante wat 'n verwelkomende prentjie skep. Swart en wit teëls kontrasteer mooi met die gruis buite.



VERSKAFFERS African Jacquard africanjacquard.com CTM ctm.co.za Ethos ethos-store.co.za
Fijn Botanicals fijnbotanicals.com Leroy Merlin leroymerlin.co.za Malawi Furniture malawifurniture.co.za
Mr Price Home mrphome.com Queen Bee Soap Co. queenbeesoapco.co.za Skinny laMinx shop.skinnylaminx.com



Francois is 'n ywerige beeldhouer en het die beeld van die sekretarisvoël gemaak. Die gesin skuif soms die tafel weg en dan word die area met die wit klippies ingespan as 'n boules-baan. 🏠

GROOT
BESPARINGS

BAANBREKENDE
TEËLS

VAN R390 m²



ANGELO STRATURIO
600x1200mm

HOË
GLANS

SILVER ROOT WHITE
800x1600 mm

RAPULANO
600x1200mm

SPAZIO GRIS
600x1200mm

WHITE ONYX
800x1600mm

UITGESOEKTE TIVOLI-KRANE
TOT 20% AFSLAG VAN R1 599 elk

COTTO SENSATION SWART RONDE WASBAK
NOU R2 890 elk WAS R3 290

AFFIRMATIONS SWART KLIP
Swart Klip Gloei-LED-Spieël 600x900mm
NOU R5 990 elk WAS R6 990

VICTORIA & ALBERT WARNDON
Glanswit Vrystaande Bad
NOU R26 990 elk WAS R30 990

NIMBUS BAMBOES-EN-WIT
Muurgemonteerde Badkamerkassie
Wasbak Uitgesluit 1600x450mm
NOU R15 990 elk WAS R17 990



25-
JAAR
waarborg

victoria + albert®
volcanic limestone baths

7-
JAAR-
WARRANT

TIVOLI

10-
JAAR-
WARRANT

DIV/NA



UITGESOEKTE
BYKOMSTIGHEDE TOT
& MOSAÏEKE
GUN JOUSELF'N
STYLVOLLE VERTREK

40% AFSLAG



LUUKSE STYLBESPARINGS IS OP DIE TAFEL
TEËLS, KRANE, SANITÊRE WARE EN
BADKAMERMEUBELS.



ZACK®
follow your style

GLOBAL STONE



MET TOT
40% AFSLAG

TEËLS | KRANE | SANITÊRE WARE | BADKAMERMEUBELS

Ons vertoonlokaal is 7 dae per week oop.

Pryse is geldig solank voorraad hou en onderhewig aan verandering. Pryse sluit BTW in.

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

MARTINA SAND 333x1000mm

TIMELESS SAW PERLA 290x890mm

ROCKSTONE PEARL 1000x1000mm

TITANIUM PERLA 300x900mm

ROCKSTONE
ERVAAR DIE WENKAART
VAN SPAANSE
STEENVOORKOMS-
PERFEKSIE.

GEREKTIFISEERDE PORSELEIN	6 AANSIGTE XXL-FORMAAT
------------------------------	---------------------------

Eksklusief by



ITALTILE **VERHOOG DIE STYL-SPEL.**
LUUKSE EUROPESE-STYL BESPARINGS IS OP DIE TAFEL.

VAN R199_{M²}

Verken hierdie pragtige produkte en soveel meer in die **winkel** of **aanlyn**. www.italtile.co.za/winningstylepromo

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

'n Argitek, interieurargitek en landskapontwerper wys hoe spanwerk
'n sestigerhuis outentiek, maar kontemporêr herskep het.

KOM BINNE, lig en lug

Teks Beatrice Moore-Nothnagel • Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Amanda van Wyngaardt

'n Groot venster in die ingangsportaal vul die leefvertrekke op die onderste vlak met natuurlike lig. Reg oorkant help 'n glasafskorting en -deur om die studeerkamer privaat te hou. Kontemporêre ligte is noukeurig uitgesoek om as verbinding tussen oud en nuut te dien. >>

Stoel van OKHA Design Studio; mat van Hertex Haus; ligte van Studio19



ig op sigself is 'n boumateriaal – iets wat gevorm, gefilter en gevier kan word. Met dié uitgangspunt het 'n interieurargitek en haar destydse argitekdosent saam-saam 'n 1960's-huis in die Pretoria- regionalistiese styl met 'n modernistiese invloed tot sy voormalige glorie opgeknip en gemoderniseer.

“Natuurlike lig was 'n kernbeginsel van ons visie vir die projek,” verduidelik Janien Kluge van Wonen+ Studio. “Die argitek Chris Wilkinson is 'n meester as dit by lig kom en sedert my studentejare is hy vir my 'n bron van kreatiewe energie. Hy skilder as't ware met lig.”

Hoewel Janien as argitek gekwalifiseer het, verkies sy om met interieurs te werk.

“'n Argitek en 'n interieurargitek kyk na dieselfde ruimte, maar deur twee verskillende lense: Die een fokus op struktuur, vloei en proporsie, die ander op atmosfeer, tekstuur en menslike ervaring binne daardie raamwerk,” verduidelik Janien. “Wanneer daardie twee visies saamwerk, word die geheel sterker as die som van sy dele.” >>

Oorgroot hangligte en plantpotte dien as subtiele fokuspunkte en skep 'n balans tussen eenvoud en drama. Groot vloerteëls van 600 x 600 mm met 'n smal voegbrylyn skep 'n naatlose, samehangende effek.

Ligte van Greg Marshall Design; tafel van Weylandts; stoele van James Mudge Furniture Studio; mat van Hertex Haus; kaggel van Calore





Die voordeur is deur Chris Wilkinson ontwerp en is gemonteer in 'n boksraam van staal om voorsiening te maak vir die buitengewoon breë klipmure.



Die konsep van oorgroot skaal is in die gastetoilet herhaal met die installasie van die hoë wasbak.

Spieël gemaak deur Eduard Claassen



Die besondere tafel is doelgemaak as 'n wynproetafel vir die braaikamer deur Eduard Claassen.



'n Kenmerkende eienskap van die argitektoniese styl van dié huis is die gebruik van klip as hoofontwerpelement.

Dié klipmuur is een van die huis se oorspronklike fokuspunte en kom nou tot sy volle reg. Insetsels van eikehoutvloere – soos hier by die trap – gee warmte en tekstuur aan die teëlvloer in die res van die huis.



Ná die bou- en breekwerk spog die huis met 'n groot oopplan-kombuis sowel as 'n “werkkombuis” agter. “Die voorkombuis is 'n kuierkombuis – 'n lewendige ruimte waar gaste dikwels om die eiland sit en gesels terwyl die kos gemaak word,” vertel Janien. Vir die ingeboude kaste agter glasdeure is op rooi eikehoutfineer besluit wat met Rubio Monocoat afgewerk is. Dit bied die warmte en karakter van soliede eikehout, maar sonder die hoë prys.

Kombuiskaste en houtwerk deur Wimpie Vorster; werkblaai van Status Stones; kombuistoel van Weylands

Hout, staal en glas

Die opknapprojek het sowat 18 maande geduur. Die eindresultaat is 'n indrukwekkende gesinshuis met naatlose vloei tussen binne en buite – en waar die klipwerk weer soos vroeër die aandagtrekker is.

Verskeie binnemure is uitgebreek om beter vloei te skep, 'n nuwe dak is opgesit en die plafonhoogtes is gebalanseer. “Die plafonne moes hoog genoeg wees om lug en lig te laat sirkuleer, maar nie só hoog dat warmte en menslike skaal verlore gaan nie,” verduidelik Janien. “Te lae plafonne druk 'n ruimte af, terwyl te hoë plafonne dit onpersoonlik maak.”

Ou staalraamvensterrame is vervang en vensteropeninge is deurgaans vergroot, veral in die voorportaal, studeerkamer, kombuis en eetkamer. “Die studeerkamer van glas is juis ontwerp om lig van buite te leen en in te bring na die sentrale trap en portaal,” vertel Janien.

Omdat vorige pogings die oorspronklike elemente, veral die klipwerk, dik gelamineerde houtbalke en staaltrappe, probeer verbloem het, het Chris en Janien 'n daadwerklike poging aangewend om weer die fokus hierop te vestig.

“Dié elemente uit die laat 60's en vroeë 70's getuig van die regionalistiese beweging in argitektuur waar eerlike materiale gebruik is wat mekaar komplementeer en 'n warm gevoel oordra,” verduidelik Chris. “Die houtbalke is 'n tipiese ontwerpelement van die era, maar daar is beperkings in terme van drakrag, daarom is dit hoofsaaklik beperk tot die boonste verdieping om die liggewigdak te ondersteun,” verduidelik Chris. >>



Stylvol

LEEF VIR ELKE DAG

Ontdek hoe vorm en funksie saamvloei in hierdie moderne toevlugsoord.

**Keurige toebehore en afwerkings beskikbaar by
Durbanville, Tokai, Sunningdale en Brackenfell
Sanitary & Plumbing Supplies.**

Durbanville - Tel: 021 975 1930 | Eenheid 8 Cattle Baron-sentrum | Maraisstraat | Durbanville

Tokai - Tel: 062 048 5989 | Factory A | Eenheid 3 & 4 Honeywell-straat | Tokai

Sunningdale - Tel: 087 997 1055 | Blok A | The Emporium | H/V Woodlandsweg & Sandownstraat |
Sunningdale

Brackenfell - Tel: 021 020 1703 | Winkel 7-10 | Aroma Village-sentrum | Old Paarl-weg |
Brackenfell

Bank van La Grange Interiors; TV-kas doelgemaak deur DEFT Studios; koffietafel van SHF Living; mat van Hertex Haus



Wanneer die blindings in die sitkamer heeltemal oop is, voel dit komplete of jy in die tuin sit. Die voëltjiebeeldjie was 'n geskenk van die argitek.

Janien Kluge



Dekor op skaal

“In 'n tyd waar baie nuwe geboue ontwerp word met oorgroot ruimtes wat op visuele skouspel fokus, maar dikwels koud voel, kies hierdie projek doelbewus 'n skaal wat mense tuis laat voel,” vertel Janien. “Dis argitektuur wat jou nooit om te bly, wat jou aanraak deur die spel van lig, en wat jou herinner dat die mooiste ruimtes dié is waar mens en gebou in balans leef.”

Wanneer Janien meubels kies, is proporsie vir haar die bepalende faktor. “Soos mens ouer word, word gemak en funksionaliteit dikwels belangriker as net die estetiese waarde van 'n item,” vertel sy.

“Op 'n persoonlike vlak is ek besonder gestel op detail in afwerking. Geen gestoffeerde meubelstuk behoort sonder 'n bostiksel te wees nie – dit laat meubels nie net langer hou en netjieser lyk nie, die presiese posisionering van daardie stiksel is vir my 'n kritieke afronding.”

As dit by matte kom, bly haar eerste keuse altyd los matte. “'n Los mat kan 'n fokuspunt in 'n ruimte wees en ek verkies natuurlike matte met 'n ondervilt of skuimbasis vir ekstra gemak en duursaamheid. Soos met meubels is proporsie weer eens belangrik: Die regte grootte mat kan 'n ruimte anker en definieer.”

Tekstuur word ingebring met iets eenvoudigs soos 'n stapel boeke of verskillende materiale wat saam 'n rykheid aan die ruimte gee. “Ek glo oppervlakke moet leef en mettertyd 'n patina ontwikkel,” sê Janien. “Buite byvoorbeeld hoef jy nie altyd die mos van die plaveisel af te skrop nie. Potte hoef nie almal dieselfde kleur of grootte te wees nie – dit is juis in die variasie dat karakter en warmte ontstaan.” >>

KLEURSLIM

BEKOSTIGBARE GETINTE KLEURE



GBR/27127/T

PREMIUMKWALITEIT-VERF



Met gevorderde Kleurslim-tegnologie is ons verf beschikbaar in meer as 800 bekostigbare Duram-getinte kleuren. Die resultaat is uitsonderlike kleurdiepte, vervaagweerstand, akkuraatheid en dekking.

Bekostigbare kleurmenging beskikbaar by toonaangewende hardewarewinkels.

Kleure mag verskil as gevolg van drukkbeperkings.

Duram
SMART PAINT

Deur elemente en *kleure uit die natuur* in dekor te gebruik,
smelt binne en buite naatloos saam. – Janien


In die en suite-badkamer is die groot vloerteëls
in lang repe gesny vir die stortvloer – dit maak
die teëls meer glyvas. Janien het die lang wasbak
ontwerp en spesiaal laat maak omdat twee
wasbakke te besig sou lyk in die klein ruimte.
Die ronde mat is uit 'n groot langwerpige mat
gesny en omsoom.

Handgemaakte muurteëls van Wolkberg Casting
Studios; wasbak van The Concrete Corporation





Straatvlak



Grondvloer



Die bed in die hoofslaapkamer is spesiaal ontwerp om in die ruimte te pas en het 'n breë rand waar kinders kan sit en gesels, of waar 'n boek of tydskrif neergesit kan word. Die kas aan die kop dien as kopstuk én pakplek.

Deken van Evolution Product; potjies van Incanda; bankie en ligte van La Grange Interiors; mat van Rebtext



KENNERSRAAD

Dink voor jy bou en breek



“Moenie die ontwerpproses afjaag nie – onthou, dit is ’n proses tussen jou en jou argitek,” is Chris Wilkinson se raad.

• Woon eers minstens twee seisoene in die huis voor jy links en regs begin breek en bou. Ná twee seisoene sal jy die huis beter verstaan en moontlik oorambsieus en onnodige idees wat net sou geld

kos, laat vaar.

• Vind by agente uit wat die prysplafon van huise in die buurt is sodat jy nie oorkapitaliseer nie. Dit hang natuurlik af van of jy op kort of lang termyn in die huis gaan woon. Hoe langer jy gaan bly, hoe meer kan jy bestee.

• Bestee geld in die areas wat die meeste gebruik gaan word of die meeste in die oog is soos die ingang van die huis, die portaal, kombuis en leefareas.


• Moenie karring aan dinge wat reeds goed werk nie.

• Doen eerder minder, maar gebruik ’n goeie kontrakteur en boumateriaal en afwerkings van goeie gehalte.

• Moenie jou ore uitleen aan vriende of familie nie – almal het hulle eie mening wat sal verskil van jou en jou argitek s’n. Dis belangrik om die agtergrond en groter prentjie in gedagte te hou.

KONTAK wilkinsonarchitects.co.za

’n Boksraamvenster (*links*) herhaal die twee boksrame op die onderste vloer by die voordeur en eetkamerdeur wat noodgedwonge gepraakseer moes word om voorsiening te maak vir die ongewoon breë klipmure op die onderste vlak.



Windblokke van klei in ’n staalraam skakel goed in by die huis se palet buite – en is ook eie aan die argitektuur van die era. Dit dien as skermmuur om die wasgoeddraad weg te steek. Windblokke van Klay



Die derde steunpilaar in dié opknapprojek was Anthony Koury, die landskapargitek. “Hy het die lyne tussen binne en buite laat vervaag en die projek sodoende volledig afgerond,” sê Janien.

Die nuwe dak is ontwerp met verskuilde geute om 'n slank en modernistiese gevoel te skep met reënkettings wat water na onder lei. Die nuwe aluminiumrame is spesifiek gekies met profile wat so fyn moontlik is om by die styl van die huis aan te sluit.

Bankie van Garden Bleu

PRETORIA-REGIONALISME

“Dié argitektoniese styl het in die middel van die 20ste eeu in Pretoria ontwikkel weens die verbod op die invoer van alternatiewe boumateriaal – gevolglik moes plaaslike materiaal noodgedwonge ingespan word,” verduidelik die argitek Chris Wilkinson.

“Benewens klip en baksteen uit die streek, is huise so ontwerp dat hulle met die natuur saamsmelt.

“Ander eienskappe sluit in: die gebruik van staal, glas, plat betondakke en liggewig-dakke met groot oorhange. Vroeër jare was grasdakke ook gewild.

“Dit is ’n eg Suid-Afrikaanse styl wat steeds vandag ingespan word.” 📍

Die nuwe eienaars het met die instap geval vir dié Stanford-huisie wat lyk of dit op 'n Karoo-plaas kon tuis wees.

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

EKSIEPERFEKSIE eenvoud

Dahla is dol oor Land Rover Defenders, vandaar die Land Rover-afdruk van WolfTown regs onder. "Ek hou van die ontwerp van die ou Defender, dis tydloos. As ek in Sebastian, my eie grys Land Rover, klim, voel ek asof ek op 'n avontuur gaan, selfs al is dit net kafee toe." Die TV word in 'n ou whiskeykas gehuisves.

Kuns deur Stella Olivier; in die middel is een van Dahla se werke en langsaan nog 'n werk van Stella; die werk onder links is deur Michèle Nigrini



Die tafeltjie met staalpote het Dahla gemaak as deel van haar Origin of Form-reeks wat alles met die vorms van bene te doen het.

Grys bank van Incanda; donkerkleurige bank was 'n tweedehandse vonds

WIE WOON HIER?

Twee vriendinne, Dahla Hulme en Karin Schiesser

WAAR Stanford

GROOTTE 238 m²

2002

Die huis is ontwerp deur die Kaapse argitek Godfrey McNeil. Dit lyk soos 'n tipiese ou Karoohuis met sy sementvloere en stoepe. Die halfmaanvenster het die vorige eienaar by 'n tweedehandswinkel vol bourommel op Hermanus uitgesnuffel. >>

4

Dis nie aldag dat 'n mens 'n huis binnestap en omtrent niks aan die struktuur wil verander nie. Maar hier was dit die geval, want alles omtrent dié pragplek op Stanford in die Overstrand was in sy eenvoud eksieperfeksie vir Dahla Hulme en Karin Schiesser.

Hoewel die huis eers in 2002 gebou is, skep die boustyl 'n fassinerende prentjie van 'n ouwêreldse tuiste, amper soos 'n tipiese huis doer op die Karoo-vlakte. Trouens, Dahla wou die huis uit pure begeesterdheid sommer daar en dan met haar arms omvou en dit een reusedruk gee as sy kon.

Begin dié Namibies gebore kunstenaar eers praat, laat loop sy oor haar hartstog vir ontwerp en dekor. 'n Huis waarop jy jou hart verloor, moet jou psige vul met vreugde en liefde wat jou maag skoon holderstebolder laat, glo sy. En dan moet die dekor daarvan al jou mooiste herinneringe vasvang, 'n visuele fees wat met elke liewe sintuig praat.

Dié kroegstoelgies met hul besondere ontwerp trek aandag in die oopplan-kombuis.

Kroegstoeltjies van Revived

'n Voorwerp wat op net die regte plek gesit word en *skoon lyne met 'n kinkel* maak die wêreld se verskil. Jy vertel stories met vorms, tekstuur en stilte. – *Dahla*

Tafel en houtstoel van Mebel; lamp van Withers

Vol reisgoed en geskenke

Vir Dahla en Karin was die huis kolskoot toe hulle dit in 2023 koop. Die lig binne was perfek, asook die stapeldeure wat na buite oopmaak en die vloei van die huis. "Dit het gevoel asof ek dit self ontwerp het, want dit was presies waarvan ek hou," vertel sy.

Karin is in Switzerland gebore en om albei se smaak te akkommodeer wou hulle 'n Skandi-Afrika gevoel met hul gesamentlike meubels en ander dekordinge skep. "My ma is Engels en my pa het Ierse bloed," vertel Dahla. "Ja, daar vloei dalk allerhande bloed deur my are, maar my hart is pure Afrika. Ons huis is vol reisgoed en geskenke van mense wat vir ons belangrik is. Dis 'n hartshuis op alle vlakke." >>



Dahla is lief vir kosmaak vir haar vriende. Die kas was in die huis toe sy ingetrek het en dit huisves nou haar wasmasjien. Sy het die voorkant geverf met Dulux Matt Black.



Die kassie by die voordeur is 'n erfstuk wat Karin saamgebring het van oorsee.



Beeldjie deur Louis Olivier;
skildery deur Michèle Nigrini;
nommer 2-lig deur Karin





Die tafel op dié deel van die agter-
stoep is Dahla se handewerk. Die stoel
kom uit Switzerland.



Die stoele rondom die tafel het Karin in Zürich gekoop – dit is tevore deur die Berlynse Filharmoniese orkes gebruik. Egon Eiermann, wat 'n vervaardiger was vir Wilde + Spieth, het die stoele ontwerp.



Dahla het die masker by 'n markie in Zambië gekoop. Langs dit is 'n Ovahimba-belt en daaronder 'n Ovahimba-halssnoer uit Namibië. Die hout-item wat lyk soos 'n eierhouer is 'n bao mancala-speletjie, een van die oudste tradisionele bordspeletjies wat meestal in Oos-Afrika gespeel word.



“Die vorige eienaar, Gill Allderman, wou 'n swembad hê wat lyk soos 'n plaasdam. Sy was ook 'n kunstenaar en tussen haar en Godfrey het hulle alles sô goed ontwerp dat ek niks wou verander aan die struktuur nie,” sê Dahla.

Tyd vir nuwe dinge

Waar sy wel nog eendag aan die struktuur sal peuter, is iets kleins, soos om 'n hoër venster in die slaapkamer in te bou om die opkoms van die maan te bewonder; ook een aan die oostekant dat die son soggens kan kom groet.

Voordat sy uiteindelik kom neskrop het hier op Stanford, het Dahla op Rosendal in die Oos-Vrystaat gewoon. “Maar dit was tyd vir nuwe dinge,” sê sy. Haar belangstellings loop wyd: van bosvlieënier tot funksionele kunstenaar wat versot is op fotografie en die ontwerp van huise.

“My oupagrootjie was 'n argitek in Kenia en my oupa 'n fotograaf. Daarom maak geboue en fotografie my albei opgewonde. Ek het tydens die pandemie begin huise ontwerp, bou en verkoop. Ek span kragte saam met 'n tekenaar en ingenieur en hanteer self die beplanning en estetiese versorging van elke projek. Elke liewe huiseienaar moet knus voel in die ruimte wat ek vir hulle skep.

“Wanneer ek eers begin, sien ek al klaar in my geestesoog wat binne daardie spesifieke ruimtes moet gebeur. Ek glo alles wat jy in 'n huis skep, moet altyd relevant wees tot die eienaar daarvan.” >>



Dahla hou van items wat 'n geskiedenis het. Die stoel kom uit 'n tweedehandswinkel op Stanford en die lampskerm op die hangrak is van Mosambiek. Karin het die fiets uit Switserland saamgebring. “Dit kom uit die tagtigerjare en was een van die eerste aluminiumfiets wat gemaak is,” vertel Dahla.

VERSKAFFERS

Dulux dulux.co.za Incanda incanda.co.za

Kiwinet Mosquito Nets kiwinet.co.za

Mebel Stanford facebook.com/MebelStanford

Mungo mungo.co.za Revived revived.co.za

Withers Antique and Decor facebook.com/withersantiqueanddecor_

Wolftown facebook.com/wolf.town

VERFKLEUR

Dulux Citrus
Sunburst

VERFKLEUR

Dulux Forest
Flush

Geel is 'n tema regdeur die huis.
“Ek noem al die geel deure ‘rays
of sunshine’,” sê Dahla.

Deken van Mungo



DAHLA SE WENKE

Sy is 'n groot aanhanger van mens- en natuurgesentreerde ontwerp.

- Groot vensters (om die son en maan te kan sien) en oorgenoeg plante oral in jou leefruimte bring buite na binne.
- Moenie jou huis oorvol maak nie. 'n Mens stop nie net 'n huis vol goed nie, dekor neem tyd. Dis soos 'n kunswerk en 'n voortdurende proses; in my geval weet ek nie of dit ooit klaar sal wees nie.
- Jou dekor moet mooi herinneringe oproep wat jou in verwondering laat staan, dit moet jou laat nadink en veral rustig maak.
- Gebruik elke venster en deur wat jy moontlik kan om 'n mooi prentjie of voorwerp te raam van binne na buite en andersom. Ek kyk deur 'n kameralens na detail soos komposisie, beligting, beweging, veelseggende stiltes en die raming van dinge. Dis hoe ek ontwerp. Kyk na jou ruimtes deur die lens van 'n kamera, jy sal verbaas wees oor wat jy alles opmerk.
- 'n Ruimte wat reg ontwerp en belig is en gevul is met jou gunsteling-voorwerpe of -meubels, praat met jou kop en hart. Dis jou plek, niemand anders s'n nie. Onthou altyd die menswees binne ontwerp of dekor. Dink aan hoe jy daar sal voel en leef. Dit moet 'n plek wees waar jy kan opkrul, sterk word, dans, jou wonde lek en net wees. 🏡

Die stort skep die gevoel van buite wees. “Al my huisontwerpe gaan daarvoor om buite na binne te bring. Daarom sien jy oral plante en groot vensters en stapeldeure.” Dahla bring houtstoeltjies saam na elke reis. “Ek het hulle gekoop in Zambië, Namibië en Malawi.”

Handdoek van Mungo;
teëls aangebring deur
vorige eienaar



Die boonste werk is 'n inkdruk wat Dahla present gekry het by vriende. “Dis 'n afdruk van 'n Yslandse posseël. Die lig was 'n ou tandartslig uit 'n tweedehandswinkel op Ficksburg.” Die onderste Make Art Not War-afdruk is 'n ikoniese ontwerp deur die Amerikaanse kunstenaar Shepard Fairey. “Ek dink dit is nou so relevant met alles wat in Gasa en Oekraïne gebeur.”

Muskietnet van Kiwinet Mosquito Nets



Hallo, somer!

Min lekkertes kom by 'n tipiese Suid-Afrikaanse stoep. Put inspirasie uit dié gesellige kuierplekke.

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel

Foto's Greg Cox/Bureaux

LÊ LANGBEEN

Subtiele terracotta, pienk en groen is steeds groot nuus dié somer; hier skep dit 'n kontemporêre palet vir die swembadarea. Ligte staalmeubels (beskikbaar in 'n oorvloed kleure) bied 'n maklike manier om nuwerwetse kleure buite te gebruik. 'n Groot kaktus in 'n terracotta-pot skep 'n skulpturele fokuspunt teen die sagter plantegroei op die agtergrond.

Staal-lêstoel van Hay

LOCAL IS LEKKER

Die huiseienaars is groot aanhangers van die ikoniese Suid-Afrikaanse ontwerpers Haldane Martin en James Mudge en het kontemporêre meubels in nuwerwetse kleure vir die buite-areas gebruik. "Dit is die kleure waarvan ons op die oomblik hou – ons wil soveel visuele trefkrag skep as moontlik." >>

Papa Sun-buittestoele en
Cha Cha-tafels van Haldane;
buitemat van Herringbone



#1

WIE Willeen le Roux en Craig Ferguson
WAAR Zwaanswyk, Kaapstad



KUIER HEELJAAR

Hierdie ruim buite-eetarea is beskut teen die elemente en word regdeur die jaar gebruik. Die groot ingeboude braai is 'n fokuspunt met slim ontwerpdetail in die baksteenwerk. Die betonplafon eggo die plafonne binnenshuis, 'n argitektoniese detail wat die binne- en buitekant van die huis met mekaar verbind.

Tafel en bankies van James Mudge Furniture Studio; blou keramiekbottels van Wiid Design

Muurkuns geskep met bakstene


Willeen le Roux en Craig Ferguson se huis, wat tussen laat 2019 en vroeg 2020 gebou is en ontwerp is deur die Kaapstadse argiteksfirma Beatty Vermeiren, spog buite met 'n pragtige tekstuurryke baksteen-afwerking wat deur die Yves Saint Laurent-museum in Marrakesj, Marokko, geïnspireer is.

Die oordekte buite-eetplek met sy sierstene sluit naatloos aan by die swembadarea en tuin. Die huis se sterk lyne en baksteendetail word versag en aangevul deur die omliggende groenigheid.

“Ons hou van die eenvoud van die boumateriaal; ons het deur verskillende aanwendings van bakstene pragtige patrone geskep,” sê Willeen.

Die egpaar het hierheen verhuis van 'n klein huisie in Woodstock waar daar nie 'n grasspriet in sig was nie, maar hier het hulle nou 'n uitsig op 'n tuin om te geniet.

“Selfs die lig voel anders in Zwaanswyk; dit het 'n sagte, goue kwaliteit,” sê Willeen. “Soggens en laatmiddae is veral heerlik.” >>



Kom saam winkels toe!



Bufalata-
staalmuurlig
in swart en
kammahout
R1 610, Eurolux



Geel Dawn-stoel van hars
R1 495, Patio Warehouse

Sumba-katoenkussing met geometriese
patroon R99.99, Mr Price Home

Kinky-mat van polipropileen
(160 cm B x 230 cm L en 240 cm B x
340 cm L; beskikbaar in 3 kleure) van
R2 900, Hertex Haus



Yvonne Ellen-kleinbordjies
van melamien (stel van 4)
R799, Yuppiechef



Skiet uit!

Bambanani-tafeltjie van
vlekvrye staal (80 cm D;
beskikbaar in 3 kleure)
R13 500, TheUrbanative




Kuba-kussingoortreksels vir buite
(40 cm x 60 cm en 65 x 65 cm)
van R930 elk, Bespoke Home



Viskraffie
(beskikbaar in
3 kleure)
R990, Pezula
Interiors

Sixth Floor Lou-plantbakke van
veselklei (44 cm H en 55 cm H) van
R1 299 elk, Superbalist



Ons hou hiervan!

Vierkantige sambreel met kartelrand
(2,6 m D; beskikbaar in 6 kleure)
van R6 600, Thatch & Shade

Laat daar lig wees


Toe die interieurontwerper Jacob Burger van Jakob Interior Design Studio voorstel dat 'n groot glasdak geïnstalleer word om die binnehof te bedek, was die huiseienaars, Jana en Lourens, nie oortuig nie. Maar Jacob het geweet waarvan hy praat. "Met die ou binnehof wat deel geword het van hul huis as deel van 'n nuwe oopplan-eetkamer-kombuis, sou 'n soliede dak dit soos 'n donker grot laat lyk het – dis die laaste ding wat ons wou hê," sê hy. Uiteindelik het die paartjie met hom saamgestem. Vir Lourens was die toevoeging van 'n groot buitebraai met 'n skoorsteen wat nie rook nie, egter ononderhandelbaar. Hy is immers van die Karoo.

Jana se grootste bekommernis was dat die nuwe dak lelik sou wees. Maar die eindresultaat is 'n triomf! Die nuwe glas-en-staaldak vul die huis met natuurlike lig en gee 'n uitsig op Leeukop.

"Hierdie opknapping het 'n erfenishuis in 'n gesofistikeerde, moderne heiligdom omskep terwyl sy historiese karakter behou is," sê Jacob. >>

Kussings van Mungo

WIE Jana en Lourens van der Merwe
WAAR Tamboerskloof, Kaapstad



SO MAAK JY MET GLAS

Dink hieroor voordat jy 'n glasdak kies, beveel die interieurontwerper Jacob Burger aan:

- Net soos gewone vensters moet die glas van tyd tot tyd gewas word, want kondensasie sal voorkom. Dit is egter uiters duursaam en breekbestand – jy kan selfs daarop loop.
- 'n UV-lagie moet oor die glas aangewend word om sonlig te filtreer en te verhoed dat die binnekant te warm word.
- Die staal het ook onderhoud nodig; dit sluit in jaarlikse skoonmaak, heraanwending van seëlmiddels en inspeksie van moontlike los skroewe om lekplekke te voorkom.





PLEK VIR BAIE

'n Muur met 'n klein venstertjie tussen die kombuis en die oorspronklike binnehof is gesloop en 'n groot I-balk is aangebring om die ou én nuwe dak te ondersteun. Geen spoor is oor van die eens onvriendelike kombuis nie, wat ook taamlik smal was. Pleks daarvan skep die nuwe oopplan-kombuis-en-eetarea die heerlikste onthaalplek. Die ou aparte eetkamer is nou 'n derde slaapkamer.



BRAAI VIR 'N KAROO-SEUN

Die ingeboude braai is buite die nuwe staalstruktuur geplaas. Met die stapeldeure oop, voel dit asof mens buite eet.

Jacob is nie gek oor afgevlakte vloere nie dus het hy die nuwe betonvloer bloot geseël met Cobra-vloerpolitoer.

Dié opknep is 'n *harmonieuse vermenging* van kontemporêre en erfeniselemente. – Jacob

Kaste en werkoppervlakke van LignumKraft; ligte van elevenpast

DIS IN DIE DETAIL

Klompistene gelê in 'n visgraatpatroon voor die braai herinner aan 'n tradisionele ontwerpelement uit die vroeë Kaapse argitektuur.



KENNERSRAAD

Skep 'n gerieflike ruimte buite



“Toebehore en bykomstighede soos dié wat in interieurs gebruik word, is net so belangrik in buite-areas,” sê Jacob Burger van Jakob Interior Design Studio. Hier is sy raad:

- Die ruimte moet nie ongemaklik wees om te gebruik nie; dit moet jou nooi om te kom sit en alles wat jy nodig het, moet op die regte plek wees.
- Deesdae is daar 'n wye reeks buitelugmeubels beskikbaar in verskillende kleure – maak gebruik daarvan!
- As jy plek het, plaas 'n wasbak sowel as 'n yskas en 'n versteekte asblik langs jou braai-area.
- Maak seker dat daar genoeg elektriese punte is.
- Bêreplek vir braaigereedskap en ander losgoed is nog 'n belangrike oorweging – maak ook seker dit is weerbestand.
- Oorweeg 'n plafonwaaier vir daardie warm somerdae – dit help ook vir lastige vlieë.
- Misspuitjies is nuttig in die somer, maar maak seker dat jou vloer nie glad word wanneer hulle in gebruik is nie. >>

KONTAK jakobinteriors.com

Sit gerus

MAAK MOOI MET 'N SPOGGERIGE BUITESTOEL

Malta-buitestoel met raam van poeierbedekte vlekvrye staal (beskikbaar in 7 kleure) en opsionele kussing van R4 200, Douglas & Douglas

Brioche-eetstoel met aluminiumraam wat soos bamboes lyk en PVC-sitplek (beskikbaar in 3 kleure) R2 495, Block & Chisel

Ashanti-stoel met raam van aluminium en tou en Olefin-kussing R2 995, Patio Warehouse

Ceylon-stoel met aluminiumraam, kiaatarm-leunings en akriekussing R3 199, Cielo

Cabo-stoel met raam van sintetiese rottang en metaal R999.99, Mr Price Home

Hou dit lig

KIES 'N STYLVOLLE LAMP VIR JOU STOEPTAFEL

Herlaaibare USB-tafellamp (38 cm) R999, @home

Sonkrag-lanterns (35 cm H en 40.5 cm H) R899–R999 elk, Woolworths

Blikkie met sitronellakers (230 g) R89.99, Mr Price Home

Ou gunsteling!

USB-herlaaibare Kooduu Sensa-lamp (21 cm H) R2 499, Yuppiechef

Son- en USB-herlaaibare Spark-tafellamp met travertynbasis (26 cm H) R2 990, MØN

PRETORIA-WINKEL NOU OOP

Besoek ons by Atterbury Value Mart



Patio

WAREHOUSE

www.patiowarehouse.co.za



Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240


Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102

#3

WIE Klara en
Daemon McClunan
WAAR Nuweland,
Kaapstad

Ontwerp en opknep deur
Nikki en Dirkie Kotze van Aart
Konstrukt; patio-meubels van
SHF Living; ingevoerde buite-
stoffsfeermateriaal beskikbaar
deur Design in a Box;
pizza-oond en braai ingebou
deur Insrep Construction;
mat van Hertex Haus;
grashangligte van Eight
Degrees South; handdoeke
van African Jacquard





Swembadopknap
deur Aart Konstrukt;
teëls van Pudlo,
Cash Tiles, Douglas
Jones en Decobella

Foto's Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

Plek vir klein en groot

Buitelugspeelplek waar kinders kan rondhardloop, swem en speel terwyl die grootmense braai en gesels oor 'n glas wyn... Dit was Klara en Daemon se visie vir hul buitelug-opknap – en vandag is dit alles waarvan hulle gedroom het.

“Ons is mal oor warm someraande wanneer ons die berguitsig kan geniet, vonkelwyn borrelend in die hand en kinders wat in die swembad speel – dit is magies,” sê Klara.

Die oorspronklike onderdakstoep is toegemaak met raamlose stapeldeure terwyl die braai- en pizza-oondarea oopgelos is. “'n Priel is oor die braai-area opgerig as 'n argitektoniese element en vir privaatheid, aangesien die bure dubbelverdiepinghuise het,” verduidelik Klara. “Hierdie ruimte is Daemon se trots en vreugde.

“Ons is versot op die pizza-oond. Hoewel ons nie die tuisgemaakte basisse heeltemal onder die knie het nie, is dit so 'n prettige, gesellige manier om te onthaal. Soms sit ons oornag 'n boud in nadat ons pizzas gemaak het – doeksag!” >>

KUNSTIGE TEËLPATRONE

Wat die swembad betref, het die McClunans nie teruggehou nie. “Ek het eenkeer 'n Marokkaans geïnspireerde swembad op Instagram gesien en gedink: Eendag wil ek so een hê,” sê Klara. “Toe die tyd aanbreek om ons s'n op te knap, het ons besluit om dit te doen met gewaagde patrone, ryk groen kleure en selfs 'n paar pienk teëls vir so ietsie vrouliks. Ek hou van die manier waarop hierdie lewendige ruimte die minimalistiese interieur van ons huis aanvul.” En om seker te maak dat hulle die teëls kry wat hulle wou hê, het die egpaar verskeie opsies van nie minder nie as vier verskaffers gekry!




OASE IN SWARTLAND-HITTE

'n Oop ruimte is tussen die stoep en kombuis gelaat om plek te maak vir die kareeboom. Die stoep is nou die tuiste van verskeie lugplante soos Spaanse mos, hangplante soos stringetjies krale en potplante, onder meer aspersievaring en aalwyn. "Ek wou 'n oerwoudgevoel skep en ek wag geduldig dat al die plante groter word," sê Martina. Haar en Ian se kantoorvensters kyk uit op hierdie rustige ruimte.



Ek is 'n groot *versamelaar en versierder*
– ek's gelukkig tussen my goedjies.

– *Martina*



Kussings en
kantha-deken
van India Ink;
buitemat van
Mr Price Home

SKEP TEKSTUUR

Rottanghangligte op verskillende hoogtes lyk
interessant terwyl hangende gedroogde plante
bydra tot die koel oerwoudgevoel.



Ruimte beter benut


Die ou poskantoor en algemene handelaar in die hoofstraat van die dorpie Koringberg in die Swartland het nuwe lewe gekry nadat Ian en Martina dit saamgevoeg en in 'n gesellige huis omskep het. “Die twee geboue is verbind deur 'n kombuis tussen hulle aan te bou met 'n groot stoep voor die nuwe kombuis. Dubbelstaaldeure, Ian se handewerk, verbind die nuwe binnerruimte met die buitelug,” sê Martina.

“Benewens die deure het Ian ook die hele huis opgeknip en die stoep self gebou met die hulp van 'n paar werkers. Hy kon dit net in die winter doen wanneer werk in die filmbedryf effens afskaal, so ons moes maar geduldig wees. Dié ekstra tyd was wel tot voordeel van die projek, want planne kon organies ontwikkel en ons kon gereeld nadink oor wat ons wou doen.

“Ons het besluit om 'n plafon in te sit om die sinkdak teen die hitte te isoleer,” vertel Martina. “Vir die plafonborde wou ons 'n aardse, natuurlike voorkoms skep, maar ons was nie mal oor die tipiese riete of bamboespanele nie. Saamgeperste hout, wat ons by 'n argiteksvriend se huis gesien het, was 'n goeie alternatief.

“Ons geniet dit om 'n ruimte in te rig volgens 'n bepaalde geleentheid – ook op die stoep,” sê Martina. “Meubels van binne word gereeld buite gebruik om 'n lekker kuierplek te skep. Ons onthaal dikwels en kook saam in die kombuis met die deure oop, so dit is 'n baie gesellige ruimte.” >>

Die buitemuur van Martina en Ian se tuisantore (*regs*) is met rooi dakverf geverf om die brandende son te deurstaan.



Foto's Misha Jordaan • Produksie Marian van Wyk

Oewerstoepe

#5 WAAR
Plettenbergbaai

Hierdie patio langs die Keurboomsrivier op die Tuinroete het 'n lieflike uitsig en is gebou met net die regte balans tussen oop en toe areas.

“Die patio word aan drie kante beskut teen die wind, maar die uitsig kan steeds geniet word,” verduidelik die argitek Anja Wiehl van dNA Architectural Design Solutions. “’n Glasskuifdeur kyk uit op die rivier, die muur met die kagel het vensters en die derde kant is waar die patio by die huis aansluit. Die groot opening na die swembad kan met rolblindings toegemaak word.”

Die struktuur bestaan uit staalbalke wat van die een kant van die huis na die ander loop. “Ons wou uitsigte regdeur die huis toelaat en ons het groot openinge geskep om by ’n binne-buite-leefstyl te pas,” sê Anja. “Die ontwerp van ’n rooster van staalbalke het perfek vir hierdie doel gewerk.” >>



ETIESE DEK


Die dek is Siberiese lariks, ’n eties gekweekte hout uit Europa, sê Anja. “Dit het ’n natuurlike insekweerder en sal lank hou, al is dit ’n sagte hout. Dit moet verkieslik behandel word, wat ’n voorkoms is wat die huiseienaars in ieder geval wou hê. Waar moontlik probeer ek wegbly van die gebruik van hardhout wat uit reënwoude kom.”

Aluminium was die logiese keuse vir die deur- en vensterrame. "Aluminiumrame is ideaal vir kusstreke, maar moet behoorlik onderhou word," beveel Anja aan. "Maak seker dat jy hulle gereeld skoonmaak; wanneer jy die vensters was, onthou die rame ook!"

GEMAAK VIR GEMAK

Die interieurontwerper Tania Reddering van Pezula Interiors in Plettenbergbaai sê die meubels en dekor is perfek vir ontspanning. "Ek het van die huiseienaars se bestaande meubels gebruik vir 'n huislike gevoel en dit gekombineer met nuwe items vir balans," verduidelik sy. "Dit gaan alles oor die sonsondergange, die stil oomblikke opgekrul met 'n boek of saam met vriende om 'n knetterende vuur."

Sofas en buitetafels van Pezula Interiors; handgemaakte meubels deur Marty Reddering Designs; sofas se buitemateriaal van Hertex, Mavromac en The Gatehouse.



As die weer nie saamspeel nie, kuier almal by die onthaalplek aan die noordweste kant van die huis.



DEURSIGTIGE DAK

Die stoepdak bestaan uit plat deursigtige PVC-plate wat bo-op Japannese sederlatte en balke vasgemaak is wat teen 'n effense hoek binne die raam van die staalbalkke aangebring is. Dit gee 'n mooi gefiltreerde ligeffek. 🏡

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

@home bash.com Aart Konstrukt [instagram.com/aart_konstrukt](https://www.instagram.com/aart_konstrukt)
 African Jacquard [africanjacquard.com](https://www.africanjacquard.com)
 Beatty Vermeiren Architects [beattyvermeiren.com](https://www.beattyvermeiren.com)
 Bespoke Home [bespokehome.co.za](https://www.bespokehome.co.za)
 Block & Chisel [blockandchisel.co.za](https://www.blockandchisel.co.za) Cash Tiles [cashtiles.co.za](https://www.cashtiles.co.za)
 Cielo [cieloco.co.za](https://www.cielo.co.za) Decobella [decobella.co.za](https://www.decobella.co.za)
 Douglas & Douglas [douglasanddouglas.co.za](https://www.douglasanddouglas.co.za)
 Design in a Box [designinabox.co.za](https://www.designinabox.co.za)
 dNA Architectural Design Solutions [dnadesignsolutions.com](https://www.dnadesignsolutions.com)
 Douglas Jones [douglasjones.co.za](https://www.douglasjones.co.za)
 Eight Degrees South [eightdegreessouth.com](https://www.eightdegreessouth.com)
 elevenpast [elevenpast.co.za](https://www.elevenpast.co.za) Eurolux [eurolux.co.za](https://www.eurolux.co.za)
 Haldane [haldane.co.za](https://www.haldane.co.za) Hay [hay.com](https://www.hay.com)
 Herringbone [herringbone.co.za](https://www.herringbone.co.za) Hertex [hertex.co.za](https://www.hertex.co.za)
 Hertex Haus [hertexhaus.co.za](https://www.hertexhaus.co.za) India Ink [indiaink.co.za](https://www.indiaink.co.za)
 Insrep Construction [insrep.co.za](https://www.insrep.co.za)
 James Mudge Furniture Studio [jamesmudge.com](https://www.jamesmudge.com)
 LignumKraft 076 130 9467
 Marty Reddering Designs 083 457 0457
 Mavromac and The Gatehouse [mavromacandthegatehouse.co.za](https://www.mavromacandthegatehouse.co.za)
 MØN [monexteriors.com](https://www.monexteriors.com) Mr Price Home [mrphome.com](https://www.mrphome.com)
 Mungo [mungo.co.za](https://www.mungo.co.za) Patio Warehouse [patiowarehouse.co.za](https://www.patiowarehouse.co.za)
 Pezula Interiors [pezulainteriors.co.za](https://www.pezulainteriors.co.za) Pudlo [pudlo.co.za](https://www.pudlo.co.za)
 SHF Living [shf.co.za](https://www.shf.co.za) Superbalist [superbalist.com](https://www.superbalist.com)
 Tania Reddering [instagram.com/redderingwoodcock](https://www.instagram.com/redderingwoodcock)
 Thatch & Shade [thatchandshade.com](https://www.thatchandshade.com)
 TheUrbanative [theurbanative.com](https://www.theurbanative.com) Wiid Design [wiiddesign.co.za](https://www.wiiddesign.co.za)
 Woolworths [woolworths.co.za](https://www.woolworths.co.za) Yuppiechef [yuppiechef.com](https://www.yuppiechef.com)

Die *volgende stap* in onderhoud Die Woodoc-Manier

NUUT



Die een met
die groen strook

Nuwe Woodoc DECK Dressing MAINTENANCE is 'n laeglans-, kleurlose produk wat die doeltreffendheid van hardhoutdekke en -trappe voorheen met Woodoc DECK Dressing behandel, onderhou en ondersteun.

Dit is die volgende stap in onderhoud sonder om die hout te verdonker.

- Trappe voorheen met **Woodoc DECK Dressing (Golden Brown)** behandel.

Woodoc
KOS VIR HOUT

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure.

www.woodoc.com

Woodoc

WhatsApp +27 66 302 4702

Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Onderhoudsprodukte en "hoe-om-te-doen"-advies.



BUITEKANT

Die voorkoms van die huis is heeltemal getransformeer deur die byvoeging van 'n tweede verdieping met 'n treffende geronde baksteenfasade. Die eienaars het 'n moderne element ingebring met die gebruik van Storm Grey Saflok 700-plate op die fasade. "Dit word met knippe pleks van die gebruiklike skroewe of spykers aan die dakkappe geheg. Omdat geen gate dus gemaak word nie verminder dit die risiko van 'n lekkende dak," verduidelik Renier. Dis maklik om te installeer en die plate word vooraf geverf.

Die oorspronklike siersteen huis het in die middel van die hoek gestaan.



Voor

DIE EIENAARS Renier Botha
en Nic Klopper

WAAR Groenkloof, Pretoria

GROOTTE VAN HUIS 316 m²

GROOTTE VAN ERF 530 m²

Kurwes *vir 'n* ou dame

Eens 'n stewige staatmaker uit die 60's
is dié huis nou 'n moderne tuiste met die
mooiste rondings.

Deur Mary Jane Harris • *Foto's* Christoph Hoffmann • *Stilerings* Amanda van Wyngaardt

Toe 'n vriend van die argitek Renier Botha hom op 'n dag vra om te gaan kyk na 'n huis wat hy in die oog het, sou Renier nie kon weet dat dit sy firma in 'n heel nuwe rigting sou stuur nie.

Renier het sy argitekspraktik en boumaatskappy, Space & Shape SA, 10 jaar gelede begin en sy vrou, Marique, 'n opgeleide interieur-ontwerper en -versierder, het 'n paar jaar later daar aangesluit.

Toe die vriend se omstandighede verander, het hy gevra of die twee belangstel om die huis te koop om te herverkoop of dalk te verhuur.

"Ons het die saak oordink en besluit, waarom nie?" vertel Renier, wat toe met Nic Klopper van Groenkloof Co-Op saamgespan het vir die projek. "Die deurslag was dat die huis in Groenkloof is, 'n pragtige ou buurt met boomomsoomde strate en fantastiese parke.

"Dis ideaal vir gesinne en hier kom nie dikwels 'n eiendom op die mark nie," vertel hy. "Plus die huis was stewig gebou, front noord en staan op 'n hoekerf. Dit was 'n goeie belegging."

"Toe ons dit die eerste keer sien, was die huis net 'n siersteenboksie," onthou Marique. "Dit was nie noodwendig 'n slegte ding nie, want mens kan baie met 'n boks doen anders as met 'n huis wat baie vlakke en hoeke en draaitjies het."

Renier voeg by: "Die huis, wat al in die 1960's gebou is, het die tipiese uitleg van daardie tyd gehad: 'n aparte sitkamer, aparte eetkamer en aparte kombuis. 'n Nuwe dak was ook 'n noodsaaklikheid."

UIT DIE OOG

'n Oopplan-kombuis kan maklik slordig lyk, daarom het Renier 'n aparte opwasplek en waskamer ingerig wat deur die glasdeur links bereik word. Dit is direk verbind met die nuwe motorhuise.

Agter die baksteenmuurtjie is 'n ontbythoekie.

Kaste deur Made by Chris; hangligte van Hertex Haus; KitKat-teëls teen eiland van Stiles; spatteëls van Mosaico Vero; wit vaas van Mr Price Home

KOMBUIS

"Hoewel die kombuis oop is na die leefareas het ons dit agtertoe geplaas sodat hy sy eie ruimte het," sê Renier. Die fokuspunt is die eiland van 3 m wat aan albei kante gerond is. "Ons het dit met KitKat-teëls beklee. Ons het iets nodig gehad wat effens meegee en gelukkig word dié teëls verskaf in velle wat maklik om die kurwe kon 'vou'," verduidelik Marique. Die kombuiskaste is afgewerk met 'n White Oak-fineerlaag van Woodcentre en 'n Melawood Caraz-afwerking van PG Bison.

Dieselfde voetspoor


Die Bothas het die projek, wat sowat agt maande geduur het, self bestuur en dis uitgevoer deur hul boumaatskappy. "Ons het die bestaande voetspoor behou en net 'n badkamer aangebou vir die slaapkamer aan die suidekant en ook nuwe motorhuise met toegang tot die kombuis," sê Marique.

Om die uitleg geskik vir 'n moderner leefstyl te maak is die leefareas oopgemaak na die kombuis. Hulle het al drie slaapkamers op die grondvlak behou en nuwe vloer-tot-plafon-vensters van 2,4 m hoog en skuifdeure ingesit vir meer lig en toegang tot die tuin. Die vloere dwarsdeur die huis is ook vervang. >>

VERFKLEUR

Plascon Seaweed

Grondvloer



Eerste vloer



PORTAAL

Bakstene in 'n visgraatpatroon trek aandag wanneer mens by die voordeur instap. "Dit sluit aan by die baksteenmure wat ons oral in die huis gebruik het," sê Marique.

Wit vaas van Gonk

Nuwe verdieping

Die spreekwoordelike kersie op die koek is die nuwe boonste verdieping met 'n slaapkamer, studeerhoek en badkamer. "Dié vlak is geïnspireer deur die eenvoudige reguit lyne en skuins dak van 'n skuur. Ons het 'n portaalraam-struktuur gebruik wat ons in staat gestel het om 'n skuins plafon in te sit (kyk op bladsy 95). Dit gee 'n groter gevoel van ruimte en volume," verduidelik Renier.

"Ek het 'n geronde fasade by die ingang onder dié vlak ontwerp (kyk op bladsy 86) om dit te versag en meer verwelkomend te maak." Renier, wat hou van die Art Deco-styl en die vakmanskap wat nodig is vir die maak van basiese materiale soos stene, het die kurwe beklee met stene wat in 'n stapelpatroon gelê is, met ander woorde, stene wat presies bo-op mekaar lê.

"Dis soos 'n stuk materiaal om die gebou gebind. Die ingang front wes en die lig verlig die tekstuur van die stene; die oorspronklike huis was siersteen, so dit skakel die oue by die nuwe in."

Ander Art Deco-elemente is die ronde venster wat die trap verlig (kyk op bladsy 86) en die opening bo die skoorsteen (kyk op bladsy 92). >>

LEEFVERTREK

Nadat die mure uitgeslaan is, het Renier die leefruimte herbeplan met 'n sit-area aan een kant en eetplek aan die ander. Om die nuwe byderwetse styl van die huis te aksentueer het hy 'n skuins plafon ontwerp met 'n lang venster daaronder wat lig diep die vertrek innooi. "Ons het dennehout vir die plafon gebruik om 'n gevoel van warmte te skep," sê hy. "Hoewel die leefareas en kombuis oop is, is daar hoekies vir verskillende aktiwiteite," vertel Marique. "As die vloer-tot-plafon-houtdeure regs byvoorbeeld in die muur weggeskuif word, sien jy die koffiestasie."




Die kombuseiland bied bēreplek asook 'n groot werkoppervlak vir die kosmaker. "Dis ook ideaal om happies hier uit te pak wanneer jy onthaal," sê Marique. Van hier af het gaste 'n uitsig op die swembad en tuin deur die groot skuifdeure (kyk links onder).

VERFKLEUR

Plascon Plaster


VERFKLEUR

Plascon Seaweed



Strooikussings van Mr Price Home; deken van Woolworths

Windblokke van Klay; terrazzo-
teëls van Union Tiles




VERFKLEUR

Plascon
Leather Bound

TRAPPORTAAL

Marique se gebruik van verskillende teksture is hier te sien waar sy terrazzovloerteëls kombineer met metaalrelings, 'n handreling van klaat en 'n lae muurtjie van terracottawindblokke (oorkant). "Dié soort blokke is nie 'n nuwe idee nie, maar deesdae is daar soveel nuwe ontwerpe en afwerkings beskikbaar," sê sy. Vir die trapreling het Renier die metaal-"paaltjies" met laser gesny en op die terrein gesweis. Die kilaathandreling is deur Marique se pa, Pierre Plekker, gemaak.



TRAPPE

Die trappe is afgerond met terrazoteëls, stene wat regop gelê is en 'n mooi houtlys.

Deken van
Woolworths



KLEIN LEEFVERTREK

Naby die ingangsportaal is dié knus vertrek wat uitloop na die patio en swembad.

TUIN

Nadat die stutmuur gebou is en die grond gelykgemaak is, was daar plek vir 'n swembadjie. “Ons wou eintlik 'n ronde een gehad het soos 'n plaasdam, maar daar was net nie plek nie,” sê Marique.



KENNERSRAAD

Knap op vir herverkoop



As jy dit oorweeg om 'n huis reg te maak as 'n belegging het die argitek Renier Botha van Space & Shape SA dié raad:

- Kies die area versigtig. Doen jou huiswerk en kyk of daar goeie skole, winkelsentrums en ander geriewe naby is. Toegang tot hoofpaaie en snelweë is ook belangrik. Jy is meer geneig om 'n opbrengs op jou belegging in 'n goeie area te kry as in een wat minder goed geleë is.
- 'n Baie belangrike faktor is oriëntasie. Die huis moet noord front. 'n Ligge vulde huis is baie meer aantreklik vir 'n koper as een wat donker en somber is, so maak seker dat die hoofleefareas en slaapkamers noordelike lig ontvang.
- Wat die uitleg betref, is minder meer. Soek 'n eenvoudige vloerplan sonder onnodige gange, hoekies of draaitjies. Met 'n eenvoudige ontwerp is daar minder om te sloop, wat tyd bespaar en koste verlaag. So 'n plek is ook makliker om te herontwerp.
- Laat 'n professionele persoon die struktuur nagaan. Dit moet stewig gebou wees sonder uitgesakte dakoorhange. As die buitemure baksteen of ongepleisterd is, is dit 'n bonus, aangesien baie slegte bouwerk agter pleister weggesteek kan word.
- Ek vermy oor die algemeen huise met ingewikkelde dakke, soos teëldakke met baie “valleie” aangesien dit geneig is om te lek.

KONTAK spaceandshapes.co.za

PATIO

'n Afdak van merantihout gee skaduwee oor die patio. Die vuurherd en skoorsteen is afgewerk in dieselfde Corobrik Rusty Satin Blendsteen as die geronde fasade. Die ronde opening bo in die skoorsteen herhaal die een bo die ingang. “Die vuurherd kan gesien word vanaf die portaal, leefarea en kombuis en word 'n fokuspunt wanneer die vuur brand,” sê Renier.

Oorkom uitdagings

Een van die probleme van die eiendom was dat daar benewens die voor- en agterdeur geen verbinding met die buitekant was nie.

“Boonop was daar 'n val van 1.5 m van die smal deel om die huis na die tuin. Jy moes om die huis loop na 'n stel trappe wat na die tuin lei,” sê Renier.

“Om die tuin op 'n gelyke vlak te kry moes ons 'n yslike dubbele stutmuur met staalversterking bou. Dit het 270 m³ grond gekos om die area gelyk te kry en ons moes 'n ingenieur se hulp inroep.

“Ons moes ook 'n reuse-landboudreineringsstelsel installeer. Dit was 'n uitgerekte en duur proses, maar dit het die probleme oorkom. Nie net voel die tuin groter en meer toeganklik nie, om direkte toegang te hê laat voel die leefareas en slaapkamers ook ligter en ruimer.”

“Wanneer jy 'n huis ontwerp vir herverkoop of verhuur moet jy die afwerkings neutraal hou sodat die huurders of nuwe huiseienaars hul eie voorkeurstyl van meubels kan inbring,” sê Marique. “Maar die dop hoef nie vervelig te wees nie. Ons wou wys dat neutrale kleure interessant en uitnodigend kan wees as jy tekstuur en subtiele kleur inbring.”

Om dit te bereik, kombineer Marique kontrasterende materiale soos baksteenvloere wat in 'n visgraatpatroon gelê is, terrazzo-teëls, 'n kaaatreling en windblokke wat sy op die boonste verdieping gebruik het. “Ek het tans 'n liefdesverhouding met windblokke,” sê sy. “Dit is 'n ode aan dié ou huis in die 1960's-styl.” >>

VERFKLEUR

Plascon
Leather Bound

BADKAMERS

Om die ronde spieël in die gastebadkamer meer besonder te maak is 'n LED-strook aan die agterkant geplaas. "Lig is dikwels 'n probleem in badkamers en dit help om ekstra beligting te hê, wat baie nuttig is as jy grimering aanwend," sê Marique.

Vaas en kraffie van Gonk

Om gewone metroteëls in 'n fokuspunt te verander, het Marique dit in vertikale en horisontale rye in die badkamer op die boonste verdieping laat lê.

Vaas van Gonk



V&A met Marique

Wat was die duurste verrassing en hoekom?

Ons moes 'n groot stutmuur bou om 'n gelyk tuin te skep en 'n groot hoeveelheid grond was nodig om dit te vul.

Wat was jul grootste besparing?

Die vloer in die oopplan-leefareas. Ons het kostedoeltreffende grootformaat-teëls gekies, wat 'n groot impak maak sonder dat dit so duur was.

Wat sou julle volgende keer anders doen?

Ons sal probeer om meer van die boumateriaal uit die bestaande huis te red en dit in die opknapprojek te hergebruik.



Marique Botha



GASTESUITE

Die slaapkamer op die nuwe boonste verdieping het 'n en suite-badkamer en 'n studeerarea, wat dit die ideale suite maak vir gaste of tieners. Die ontwerp is gebaseer op die reguit lyne van 'n skuur met I-balke wat die raamwerk vorm. "Die 25°-helling van die dak skep 'n katedraalagtige volume," sê Renier. Dit word beklemtoon deur 'n 3,5 m hoë venster. "Ons het vinielvloere wat soos hout lyk in al die slaapkamers gebruik," sê Marique.

Vloere van Woodstock Floors; hanglig van Hertex Haus; vensters met aluminiumrame en deure van Aluminium Experts; strooikussings van Mr Price Home; deken van Sheet Street

Só het hulle gemaak



Die matte, plafonne en ander toebehore is verwyder voordat die mure gesloop is wat die sit- en eetkamer van die kombuis geskei het.



Al die oorspronklike vensters is uitgehaal.



'n Nuwe grensmuur, fondamente vir die boonste vloer en nuwe motorhuise is gebou.



Die oorspronklike dakteëls is verwyder.



'n Portaalraamstruktuur is vir die boonste verdieping opgerig. Siersteenmure is op hierdie vlak gebou. Die boonste verdieping (regs) is beklee met bakstene wat in 'n stapelpatroon gelê is.



Aan die noordekant is die dak gelig om die skuins plafon bo die patio en leefareas te akkommodeer.



Die skuins dennehoutplafon word ingesit.



Dele van die boonste verdieping is met Kliplik-plate bedek en die hele huis is bedek met Saflok 700- versteekte vaste plate van Safintra Building Solutions. 🏠

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Aluminium Experts alumex.co.za Corobrik corobrik.co.za Gonk gonkcoza.wordpress.com Groenkloof Co-Op bianca@pilatuscapital.ai Hertex Haus hertexhaus.co.za Iconomy iconomyonline.com Klay klay.co.za Made by Chris facebook.com/FurnitureMadebyChris/ Mosaico Vero mosaicovero.co.za Mr Price Home mrphome.com Pedestal Frameless Glass pedestalframelessglass.co.za PG Bison pgbison.co.za Plascon plascon.co.za Safintra Building Solutions safintra.co.za Sanitaryware Centre sanitaryware.co.za Sheet Street sheetstreet.com Stiles stiles.co.za Union Tiles uniontiles.co.za Woodcentre woodcentre.co.za Woodstock Floors woodstockfloors.co.za Woolworths woolworths.co.za

SKRYF NOU IN!

Jy sal moet opskud as jy wil inskryf vir ons jaarlikse *Regruk met Flair*-kompetisie, nou in vennootskap met **Gelmar**. Die sluitingsdatum wink, en R120 000 is op die spel! Waarom wag? Jy kan wen!

Moeg van jou afgeleefde kombuis, die gesukkel met 'n beknoppte, onpraktiese badkamer, jaloers op jou buurman se stoep of net klaar met werk by die eetkamertafel? Ruk dit reg! Met flair – en Gelmar...

Gelmar is een van Suid-Afrika se voorste huisverbeteringswinkels. Hulle bied 'n wye reeks topgehalte-produkte wat funksionaliteit en ontwerp kombineer om jou praktiese oplossings te gee vir jou huisopknep. Die beste van alles? Die afwerkings is indrukwekkend en die pryse bekostigbaar.

Of jy 'n huiseienaar is wat 'n naweekprojek wil aanpak of 'n

professionele kontrakteur wat groot restaurasies doen, kies Gelmar. Met meer as 90 jaar ervaring, 'n toewyding aan gehalte en 'n passie om klante te help met hul huisverbeteringsdrome, is Gelmar meer as net 'n winkel – dis 'n vennoot op jou pad na transformasie.

Gelmar het 51 takke in Suid-Afrika (soek die een naaste aan jou by gelmar.co.za/store), of koop aanlyn by gelmar.co.za.

Met meer as 3 000 produkte het jy 'n reuse-keuse – of dit 'n selfdoenprojek is of die laaste afronding saam met jou kontrakteur.

Inskrywings sluit binnekort vir Tuis! Home se *Regruk-met-Flair*-kompetisie in vennootskap met Gelmar – en ons wil jôu projek sien.



DAAR IS DRIE KATEGORIEË

Stuur jou foto's sodra jy besluit het watter een pas jou projek die beste!

1

SELF GEDOEN

Hierdie kategorie is vir die kranige selfdoener wat 50% van die werk self kaggedraf het. As jy dus nie skrik vir mure uitkap en nuwe teëls lê nie, laat waai! Jy moet 'n koste-ontleding voorlê en wys wat jy met jou eie hande gedoen het.

2

BUIITE DIE BOKS

Indien jy jouself beskou as iemand wat vernuwend kan dink, is hierdie kategorie vir jou. Dit kan enigiets van 'n blyplek op wiele tot 'n buitekombuis behels. En maak nie saak of jy self gebou of net die projek bestuur het nie, skryf hier in.

3

O, SO MOOI

Het jy tien duime en is vrekbang vir hamers en bore, maar jy het 'n lieflike opknep bestuur en daarvoor betaal? Oorweeg dan hierdie opsie. Jy kom in aanmerking vir die prys, selfs al het 'n kontrakteur 100% van die fisiese werk gedoen.



SLUITINGSDATUM

13 November 2025

As jy enige vrae oor die kompetisie het, e-pos dit aan sune.esterhuizen@media24.com.
V'S & B'S GELD.



Skandeer die QR-kode met die kamera-app op jou slimfoon vir 'n vinnige skakel om in te skryf.

SKRYF SÓ IN

- Skryf jou opknep in by projects.24.com/fix-it-with-flair-2025-tuis-home/index.html.
- Inskrywings sluit om middernag op 13 November 2025 – geen laat inskrywings word aanvaar nie.
- Net aanlyn inskrywings word aanvaar. Inskrywings per faks, geregistreerde pos, e-pos of enige ander metode sal nie in aanmerking geneem word nie.
- Laai die “voor-” en “na-” foto's van die projek wat jy inskryf. As jy nie jou inskrywing met een slag kan

- voltooi nie, kies die “save-” opsie aan die onderkant van die vorm. Tik jou e-pos-adres in om 'n skakel te ontvang waar jy jou inskrywing binne 30 dae kan voltooi.
- Foto's moet minstens 72 DPI wees en hoogstens 2MB.
- In die selfdoenkategorie moet jy 'n begroting indien wat wys minstens 50% van die werk is deur jou gedoen.

DIE PRYSE

R120 000 kontant kan gewen word: Die wenner in elke kategorie ontvang **R30 000**; die naaswenner in elke kategorie ontvang **R10 000**.



Adriaan Koch



Tafadzwa Kwangwari

PROJEKNOTA

Nie alle rou bakstene is geskik vir 'n saksmeer-afwerking nie. Hoe gladder die baksteen se voorkant, hoe makliker is jou projek, en hoe beter gaan die eindresultaat wees.



Keramiekbak van Mervyn Gers; lamp van Arrange Studio



WAT JY NODIG HET

INKOPIELYS

- bindvloeistof
- pleistersement
- bousand
- onderlaag
- verf in die kleur van jou keuse

GEREEDSKAP

- maskeerband
- klouhamer
- spatkwass (of staalborsel)
- skerppunt- en pleistertroffel
- spons
- emmer
- bokhaarroller
- 50 mm-kwas

Saksmeer'n muur

As jy 'n ongepleisterde muur wil beskerm en 'n karaktervolle voorkoms wil gee wat ook lig op jou sak is, saksmeer hom!

Deur Adriaan Koch • Assistent Tafadzwa Kwangwari
Foto's Misha Jordaan • Stilerings Marian van Wyk

SÓ MAAK JY:



1 Indien die rou muur direk langs 'n gepleisterde of geverfde oppervlak is, maskeer die area waar jy gaan werk om die omringende dele te beskerm.



2 Verwyder alle skroewe of spykers wat in die muur mag wees.



3 Vee alle stof of los sement af met 'n skoon, droë spatkwass of 'n staalborsel. Let wel: As jou mure bros is, werk 'n spatkwass beter.



4 Maak bindvloeistof aan in 'n skoon emmer (volg die resepte op die verpakking). Doop jou spatkwass in die mengsel en spat dit teen die bakstene. Gebruik dan dieselfde spatkwass om die bindvloeistof eweredig oor die muur aan te wend.



5 Vir saksmeerwerk het jy 'n loperige sementmengsel nodig. Ons het PPC-sement (42.5N) gebruik. Volg die aanwysings op die verpakking, maar rofweg meng jy een deel sement met 4 dele skoon bousand. Verdun dit met water waarby bindvloeistof gemeng is in die verhouding 1 deel bindvloeistof : 3 dele water. Die sementmengsel moet nie te loperig wees nie, maar nie so dik soos pleistersement nie – die dikte van tandepasta is ideaal. **6** Vul enige gate of oneweredighede in die muur met 'n klein skerp punttroffel totdat jy die afwerking het wat jy verlang.



7 & 8 Werk die muur effens gladder af deur met 'n skoon, nat spons in sirkelbewegings oor die nat sement te vee. Krap oortollige sement of droë sementpuntjies af met die skerp kant van 'n pleistertroffel. Besluit self hoe egalig jy die afwerking wil hê. Laat goed droog word – minstens oornag, maar as jy plek-plek dik pleister aangewend het om gate te vul, selfs langer.



9 Nou kan jy verf! Wend 'n onderlaag aan (ons het Medal Paints Water-based Plaster Primer gebruik). Laat dit droog word – minstens oornag. Verf dan minstens twee lae in die kleur van jou keuse (ons het Medal Paints se Low Sheen Acrylic PVA in die kleur White gebruik). Gebruik eers 'n bokhaarroller en werk laastens af met 'n 50 mm-kwas. 🏠

KONTAK & VERSKAFFERS

Adriaan Koch (bouer) kochadriaan@gmail.com, 082 660 6966
Arrange Studio arrangestudio.co.za **Medal Paints** medalpaints.co.za
Mervyn Gers mervyngers.com **PPC** ppc.africa



Vra die kenners

Nuuskierig oor speelse dekor of gereed om jou eie dekorstyl te identifiseer? *Vra net – ons kry die antwoorde.*

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel



Roxanne Ferreira

Ontmoet die ontwerper

'n Speelse perspektief

Ons is verlief op die ongewone kleure en trendy produkte van Roxanne Ferreira en haar span by Arrange Studio. Die maatskappy, wat in 2016 gestig is, is bekend vir sy beeldskone Paradise-lamp – dis boaan die wenslys van baie dekorliefhebbers! Behalwe ontwerper-tafellampe en muurligte maak Roxanne ook ongewone banke en geronde matte in kleure van jou keuse – nog iets vir jou wenslys!

V&A MET ROXANNE

1 Wat is dit wat kleure na 'n interieur bring?

Dit gee diepte en rykheid waar 'n vertrek andersins as "plat" ervaar sou kon word. Ek praat nie net van helder kleure nie, maar ook van sagte en neutrale skakerings. Dis belangrik om die regte een vir die regte ruimte te kies: Dink hoe lig die kleur sal affekteer, hoe die kleur jou luim beïnvloed en die interaksie wat jy met die ruimte wil skep.

2 Wat is die waarde van speelse dekor?

Behalwe dat dit 'n interessante dinamiek in jou woonplek skep, dink ek dis belangrik om jou te omring met items wat eie aan jou is en wat jou vreugde gee. Jou dekor moet in pas wees met jou persoonlikheid, nie met trends nie.

3 Watter produk is jou gunsteling?

Dis moeilik om te kies! As ek net een sou moes kies, sal dit die Sunset Paradise-tafellamp in Blush en Sumac wees omdat die kleurkombinasie my hart laat sing.

4 Hoekom is kurwes so gewild?

Miskien is dit omdat ons gedwing is om tydens die Covid-19-pandemie tuis te bly dat daar 'n verlange ontstaan het na organiese vorms – ons het "losser" en meer speels geraak oor ons interieurs.

5 Wat is jou raad aan lesers vir 2026?

Wees gaaf met mense en smee hegte bande deur in die regte lewe saam te kuier. Gee om vir die omgewing en maak iets met jou eie hande – borduur of maak jou stukkende klere reg.

KONTAK arrangestudio.co.za

Roxanne se gunsteling:
Blush en Sumac!





Foto's Greg Cox • Produksie Marian van Wyk



Stilis se wenke

Ontdek jou dekorstyl



Vir baie mense kan die wêreld van binneontwerp 'n verwarrende landskap van trends, kleurpalette en praatjies op sosiale media wees. Ons kreatiewe redakteur, **Marian van Wyk**, deel haar wenke oor hoe jy jou eie dekorstyl kan ontdek en verfyn:

Bekyk jou ruimte Sien jy baie natuurlike hout, industriële metaal of weelderige tekstiele? Watter kleure oorheers? Helder kleure of neutrale of aardse skakerings? Jou keuses is leidrade tot jou styl.

Wat werk vir jou? Dis 'n goeie plan om spesifieke dekorstyle te leer ken. Hier is 'n paar voorbeelde uit van ons leserhuise:

- **Mid-eeus-modern** Warm hout en meubels met spits pote skep 'n outentieke 1950's-styl soos in Donné Putter se eet-area (*links bo*).
- **Boheems** In dié gastekamer (*bo middel*) het Chris Willemse en Dané Erwee tekstiele in lae gebruik en hier en daar helder kleure ingebring.
- **Skandi** In Craig Olckers se leefarea (*bo regs*) kry 'n ligte, neutrale palet lewe met verskillende teksture, huisplante en kontemporêre pienk aksente.
- **Industrieel** Kaal bakstene, metaalelemente en sementvloere voer die botoon in Monique en Dehan Opperman se kombuis (*regs*).

Speel! As jy eers besluit het van watter styl jy hou, maak 'n sekere area, byvoorbeeld 'n leeshoekie, leeg. Maak van jou gunsteling-dekoritems bymekaar en skep 'n vignette: Pak tekstiele in lae, dra 'n leeslamp en kuns in en beproef verskillende los matte. Hou dit vir 'n paar dae so, kyk of jy tuis voel en indien wel, verken dié styl verder.

Eksperimenteer As jy eers jou eie vermoëns vertrou, kan jy verskillende style kombineer. Wanneer ons span leserhuise oorweeg vir 'n artikel is dit dikwels dié waar uiteenlopende style gemaklik saamwoon wat ons belangstelling prikkel. Moet dus nie bang wees om byvoorbeeld 'n vintage-mat en moderne lamp saam te gebruik nie. Maar hou in gedagte dat een styl dominant moet wees.

Gee dit persoonlikheid Dis lekker as jy dit regkry om 'n spesifieke styl vir jou interieur te skep, maar onthou, dis net so belangrik dat jou huis 'n storie vertel. Stal dinge uit waarvoor jy lief is, of dit keramiekware is of natuurvondste. En boeke saam met enigiets skep 'n huislike gevoel. >>




Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk

Vinnige vrae



Foto Greg Cox • Produkse Marian van Wyk

V: Waar kan ek die sweefrakke kry wat gewys word op bladsy 15 van die Augustus 2025-uitgawe? – **Corné Pretorius**

A: Die stutarms is van Gelmar (gelmar.co.za) en die hout is gekoop by 'n houtwerf. Dit is verseël met Rystix Timbacare Mahogany.



Foto Greg Cox • Produkse Marian van Wyk

V: Heldergeel keramiekware soos op bladsy 32 van die Februarie 2025-uitgawe is moeilik om op te spoor! Enige voorstelle? – **Cathy Wardle**

A: Hulle was 'n geskenk aan die huiseienaar, maar ons het onlangs sulkes gesien by Mr Price Home (mrphome.com), Yuppiechef (yuppiechef.com) en The Home Quarter (thehomequarter.co.za).



Foto Karl Rogers • Produkse Marian van Wyk

V: Ek hou baie van die swart hanglig op bladsy 33 van die Augustus 2025-uitgawe; waar kom dit vandaan?

– **Rosa Raubenheimer**

A: Die Semi Pendant deur Gubi is van Crema Design (cremadesign.co.za).



Foto ER Lombard • Stilerings Shelly Bergh

V: Waar kan ek die pragtige muurpapier op bladsy 55 van die Augustus 2025-uitgawe koop? – **Annie Pretorius**

A: Dit is ingevoer van Thibaut, maar is plaaslik beskikbaar deur St Leger & Viney (stleger.co.za). 🏠

KENMERKENDE SEMENT- AFWERKINGS

Besoek een van ons vertoonlokale

Johannesburg
Jan Smutslaan 227, Parktown-Noord
011 447 3149

Centurion
Coachmen's Park 15, Jakarandastraat 26, Hennospark
012 653 6808

Kaapstad
Eagle Park, Computerweg, Montague Gardens
021 555 1034



Vervaardigers van Kenmerkende Sementafwerkings
www.cemcrete.co.za | 0860 CEMCRETE | enquiry@cemcrete.co.za

CEMCRETE®



Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Somer en son!



Ondeund verby!

Lienkie hou van speel.

– Vida de Wit, Groot-Brakrivier



Pootuit!

Nala skep asem.

– Lu-Mari van Schalkwyk,
Riviersonderend



Grrrr

Moenie mors met Wallace
se geliefde Springbokke
nie. – Jess van Kerkhof,
Johannesburg

'Hensop'


Dora, die sonaanbidder.

– Marise Boessenkool,
Roodepoort

Pasop vir jou

Die katjie laat nie met haar mors nie!

– Savannah Scheepers, Knysna





Deur 'n mik geskrik

Nie Gucci die koelkat nie.
– Francois Hugo, Rawsonville

WEN! Die eienaars van die diere op die foto's wen elk 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za). Kry alles wat jou troeteldiere nodig het onder een dak in hulle winkels waar kundige assistente jou sal help om die regte produkte te kies.

Speel is noodsaaklik vir jou harige maat se welstand, of dit nou 'n prettige stokgooiery is of 'n stil oomblik met hul gunsteling-kouspeelding. Die regte speelgoed sal troeteldiere fisies aktief en gestimuleer hou en jou help om gehaltetyd met hulle te hê.

Jy kry by jou naaste Petshop Science-winkel 'n groot verskeidenheid, alles van balle tot sagte speelgoed. Of laat dit sommer by jou deur aflewer deur Sixty60.

Die Dog Days Elephant Plush Dog Toy with Squeaker (R79.99) is 'n snoesige slaapmaat en die Rogz Blue Pop-Upz Float and Fetch Toy vir klein en middelslag-honde (R169.99) is ontwerp om regop te val op die grond en water, en werk sag met diere se tande. Katte sal die Big Foot Cat Scratching Post (R259.99) geniet. Dis 'n prettige manier om hul motoriese vaardighede te ontwikkel.

Stuur jou foto's (minstens 2MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za; sluit jou kontakbesonderhede in. Jy kan ook 'n wenner wees! Lees ons kompetisieëls op bladsy 136.



V&A

Hoe om te sorg vir 'n senior kat

Letitia Stassen van KwaZulu-Natal skryf My kat is nege – moet ek haar dieet en algemene versorging aanpas?



Dr. Lizahn van Zeuner van TAH antwoord Ouer word kom met uitdagings en dit kan vir kat én eienaar stresvol wees. Hier is 'n paar aanpassings wat jy

kan oorweeg:

Voeding Ons verwys na katte as seniors van 8 tot 12 en beveel aan dat nou na goeie senior katkos oorgeskakel word. Dieet is die hoeksteen in die behandeling van sekere algemene siektes soos chroniese nierprobleme. Die insluiting van omega 3 en antioksidante by hul dieet kan gewrigsontsteking en -pyn verminder. Albei probleme kom algemeen by senior katte voor.

Hidrasie Voeg nat of geblikte kos by hul dieet om hidrasie te bevorder. Nuwe waterbronne in die huis sal hulle aanmoedig om meer te drink. Water moet elke dag skoon en vars wees.

Wenke vir die huis

- Kos- en waterbakke moet maklik bereikbaar wees. Dikwels kan ouer katte nie meer spring om hul kos by te kom nie. Plaas die bakke effens hoër as vloervlak sodat hul gewigte nie pyn wanneer hulle moet hurk nie.
- Skep veilige, maklik bereikbare rusplekke oral in die huis.
- Sandbakke moet laag genoeg wees en gevul met sagter materiaal. Moet dit nie oorvol maak nie, want 'n ou kat kan sukkel om daardeur te loop.
- Ouer katte sukkel later om hulself skoon te hou, borsel hulle dus gereeld en versorg hul naels.
- Skep 'n stimulerende, rustige omgewing om stres te verminder. Oorweeg gerieflike uitkykplekke by vensters. Geurverspreiders met natuurlike feromone en kattekruid kan stres help bestuur.

ONTHOU Die doel is om jou troeteldiere gelukkig en pynvry te hou. Hierdie klein veranderings kan hul lewensgehalte help verbeter.

KONTAK tah.co.za 🏠





Tuin- dagboek

Saamgestel deur Gillian Eva
Foto's verskaf



Blomme maak 'n wesenlike deel van 'n biodiverse eetbare tuin uit, en om blomme vir die vaas te pluk kan net so bevredigend wees as om kruie en groente vir die pot te oes. Kies blomme met baie stuifmeel of nektar, wat bestuiwers sowel as ander voordelige insekte na jou tuin sal lok.

Kirchhoffs se nuwe saadreeks vir plukblomme sluit hersiene en verbeterde weergawes van erfenisplante soos *Ammi visnaga*, *Moluccella laevis*, *Achillea millefolium*, *Gomphrena haageana* en *Craspedia globosa* in. Die plante is maklik om te kweek en sal hoogte, tekstuur en kleur in jou blomtuin verskaf. Hul groottes wissel van hoog (1-1,2 m), medium tot hoog (60-90 cm) en kompak (45-50 cm).



HOOG

Dié plante is ideaal om agterlangs in 'n bedding te plant.

1 *Ammi visnaga* 'Green Mist' is 'n sierlike struikagtige plant vir somerbeddings. Die stele van 1 m lank werk goed in groot rangskikkings, terwyl die blomme mooi ruikers maak. Saaiwenk: Meng die piepklein saadjies met sand voor jy dit uitstrooi waar jy wil hê dit moet groei.

2 *Centaurea moschata* Imperialis 'The Bride' se groot donsagtige wit blomme het 'n soet geur. Dit groei tot 1 m hoog.

3 *Cosmos bipinnatus* 'Sea Shells' lyk glad nie soos die gewone kosmos nie – die robynrooi blomblare is meer buisvormig, pleks van plat. Die plant word 1,2 m hoog.

MEDIUM TOT HOOG

Hierdie blomme is ideaal om in die middel van 'n bedding of in groot groepe te plant.

4 *Achillea* 'Fruit Bowl' Hierdie duisendblad is 'n mengsel van helder kleure. Goed gevestigde plante is droogtebestand en die blomme hou lank in 'n vaas.

5 *Craspedia* 'Billy Button' Dié plant is 'n gewilde vuller vir blommerangskikkings en kan vars of gedroog gebruik word. Die heldergeel balle sorg vir afwisseling in die tuin.

6 *Gomphrena* 'Lavender Lady' Dié knop-amarant blom dwarsdeur die somer; dit is bestand teen hitte en droogte, en ideaal vir waterwys beddings. Sy blomme kan vars of gedroog gebruik word.

7 *Trachymene coerulea* blom van die begin tot die einde van die somer. Dit dra fyn stervormige blomme met 'n vars geur.

8 Sonneblom 'Teddy Bear' (*Helianthus annuus*) maak 'n pragtige houerplant uit, met donsagtige blomme waaroor die kleinspan dol sal wees. Die uiteindelijke hoogte hang af van hoe groot die pot is – hoe kleiner die pot, hoe kleiner die plant.

9 *Moluccella* 'Pixie Bells' groei maklik en het korter, stewiger stele as die oorspronklike kultivar. Dis nie net 'n uitsonderlike loofplant vir die tuin nie, maar ook nuttig as vuller in blommerangskikkings.



6



8



9



10

KOMPAK

Al word dié plante net sowat 50 cm hoog, is hul stele steeds lank genoeg vir snyblomme. Almal werk uitstekend in 'n randakker of beddingrand.

10 Marigold 'Sugar and Spice'

(*Tagetes erecta*) het groot dubbele angeliertipe roomwit blomme wat verdoof tot wit met pienk spikkels. Hou die plant kompakte en bosagtig deur gereeld dooie blomme af te sny.

11 *Zinnia 'Jazzy Mixed'* is 'n kleurvolle mengsel van enkel- en dubbele blomme aan kompakte, uiters produktiewe plante. Van die lente tot die herfs kan jy maar herhaaldelik terugkom en weer pluk.



11

KWEEKWENKE

- Al dié plante sal oorvloedig blom as hulle in volson groei of minstens ses uur per dag direkte son kry.
- Saai die saad in komposryke grond wat goed dreineer.
- Die saad kan direk in 'n bedding gesaai word, maar dis makliker om dit in saadbakke te laat ontkiem en die saailinge uit te plant sodra hulle groot genoeg is om te hanteer.
- Maak gereeld nat en voed maandeliks in die lente en somer.

KONTAK kirchhoffs.co.za



Mooi binne

Dis mos mooi!

Vertoon jou orgidee of ander huisplante soos die rankende wasplant (*Hoya*), polkakol-begonia of selfs 'n anthurium in 'n kokedama – 'n mosbal wat as lewende planthouer dien. Die Japannese woord "koke" beteken mos, en "dama" is 'n bal. Om dit nat te maak, dompel jy die bal halfpad in 'n emmer water en laat dit 'n rukkie daarin om water op te suig. Haal die bal uit die emmer wanneer dit swaar voel en laat dit in 'n wasbak drup voor jy dit weer op sy plek hang. Voeg in die somer 'n vloeibare misstof by die water. Plaas die kokedama in die gunstigste lig volgens die betrokke plant se vereistes.

KONTAK lvgplant.co.za



Nuut in kwekerye

Blomskommels

Die petunia 'Shake'-reeks kombineer die groot blomme van grandiflora-petunias met die blomryke en kompakte aard van multiflora-petunias. Die veelkleurige blomme is ook 'n genetiese deurbraak, en elkeen is uniek. 'Blueberry Shake'-blomme is 'n mengsel van blou, laventel en room, terwyl 'Raspberry Shake' en 'Strawberry Shake' (foto bo) skakerings van pienk, geel en room in verskillende patrone kombineer. Hierdie petunia is ook beter bestand teen droogte en skadu, wat dit 'n veelsydige plant vir klein tuine, potte en hangmandjies maak. >>

KONTAK ballstraathof.co.za

Kweek jou eie!

ALLES OOR OKRA

Okra, 'n huishoudelike stapelvoedsel in talle Wes-Afrikalande en Indië, is deesdae ook in Suid-Afrikaanse tuine en kombuise te sien. Dié heilsame groente is maklik om te kweek en heerlijk in geurige briedies en souse, gerooster as straatkos, in 'n lugbraaier of diep olie gebraai vir die knars, of met ander groente gekombineer.

November is 'n goeie tyd om hierdie warmseisoengewas te saai. Die saadkultivar wat plaaslik beskikbaar is, heet 'Clemson Spineless'. Dit het 'n lang geskiedenis en was reeds in 1939 'n All-America Selections-wenner. Week die saad oornag in warm water om ontkiëring te versnel. Saai in vrugbare grond wat goed dreineer en maak seker dit kry ses tot agt uur son per dag. Dun saailinge uit tot 30 cm uitmekaar en maak gereeld nat, veral in warm, droë weer. Die sterk plante lewer 'n oorvloed donkergroen gegroefde peule wat gepluk moet word wanneer hulle 5-7 cm lank is.

KONTAK rawliving.co.za

KOMBUIS-TUINTAKE

- Gee meer gereeld water, afhangend van die grondtipe en dagtemperatuur.
- Hou aan met die maak van kompos en wissel groen grasnysels en kombuisafval af met droë materiaal soos dun karton of geskeurde koerantpapier.
- Beheer witvlieg, plantluise en ruspes op tamaties en ander vrugdraende groentes met 'n organiese of biologiese plaagdoder.
- Trek onkruid uit.
- Saai steeds beet, boontjies, tamaties en wortels vir opeenvolgende oeste.
- Strooi deklare rondom groot groenteplante.
- Stut bosagtige tamaties en lei ranktamaties op.



Okra

SAAI DIÉ GROENTE NOU

Somerreënstreke Aspersies, beet, blaarbeet, boontjies (stam- en ranktipe), eivrug, komkommer, marog, mielies, radys, rissies, seldery, soetrissies, somerpampoen, spanspek, suikermielies, tamaties, waatlemoen, wortels.

Winterreënstreke Aspersies, beet, blaarbeet, boontjies (stam- en ranktipe), eivrug, komkommer, kool, mielies, radys, rissies, pampoen, soetrissies, somerpampoen, suikermielies, tamaties, wortels.

Subtropiese streke Komkommer, marog, mielies, rissies, soetrissies, suikermielies.



'Impala'



VRA VIR LUDWIG

Raad vir die snoei van floribundas

Grant King van Oos-Londen skryf Ek hou van floribunda-rose en het 'Iceberg'- en 'Impala'-rose geplant. Maar ek is nie seker hoe om hulle te snoei nie, want hulle verskil van hibried-teerose. Ek het ook 'My Granny'-rose wat laag groei.

Ludwig Taschner antwoord Anders as hibried-teerose vorm floribundas 'n tros blomme aan 'n steel. As al die blomme in die tros klaar geblom het, kan jy die steel net onder die tros afsny. Baie nuwe kultivars spruit egter gou weer uit en groei oor die ouer trosse, sodat dit nie nodig is om die dooie knoppe af te sny nie.

Dieselfde geld vir jou 'Granny'-rose. Hulle het 'n spreidende of geboë groeiwyse en die stele loop maklik weer uit by die hoogste punt op die geboë steel. Moedig die rose aan om herhaaldelik uit te loop en te blom deur maandeliks met Vigorosa te voed. Strooi die korrels oor die blare (dit help dat hulle oor die grond versprei) en spuit daarna goed nat om enige korrels wat op die blare agtergebly het, af te spoel.

KONTAK ludwigsroses.co.za



VRA VIR JJ

Wat is dié groeisels?

Karen du Plessis van Secunda skryf Ons het in Desember 2022 'n paar klein aalwyne gekoop, wat gedy en pragtig geblom het. Die afgelope paar maande het twee van hulle egter groeisels ontwikkel. Wat veroorsaak dit, en wat kan ons doen?

JJ van Rensburg antwoord Hierdie vreemde groeisels kom algemeen voor by aalwyne. Dis 'n siekte genaamd aalwynkanker en die groeisels kan enige plek op die plante voorkom. Ongelukkig is daar geen kitsraad nie. Sny soveel moontlik van die kankers uit, hetsy op die blare of blomme, en behandel die plant en ander aalwyne in die nabyheid met 'n insekdoder teen rooispinmyte, want dis dié spinnekoppies wat die kanker versprei. Sny die groeisels voortdurend totdat die plante herstel het.

KONTAK gardensbyjj.com



VINNIGE VRAE



V: Die wêreld van huisplante is vir my nog taamlik nuut en ek wil graag 'n paar aanskaf wat klein sal bly, aangesien ek nie baie plek het nie. Die plant op bladsy 34 van jul Februarie 2025-uitgawe het veral my aandag getrek.

Wat is dit? – Ashleigh Wright, Johannesburg

A: Dit is 'n geraamteplant (*Monstera deliciosa*). Jy kan sy groei beperk deur dit nie so gereeld te verpot nie – dié plante kan dubbel so groot raak in 'n groter pot.



V: Dié blare met kolle in die glasbottels op bladsy 36 van jul Augustus 2025-uitgawe is verruklik mooi! Van watter plant kom hulle?

– Cara Adams, Benoni

A: Dit kom van die polkakol-begonia (*Begonia maculata*), wat buiten die treffende blare ook klokvormige wit of ligpiek blomme in die laatwinter en lente dra. 🏡

RAW



GEEN TUIN NIE? GEEN PROBLEEM NIE.


01. Gryp h krat. h Pot. Wat ook al.
02. Maak vol goeie grond.
03. Saai RAW-saad (nie twyfel nie).
04. Gee water. Ontspan. Kyk hoe goed groei.



[/RawLivingSA](https://rawliving.co.za)

[rawlivingsa](https://rawliving.co.za)

rawliving.co.za



Soois Swart bedryf sy koerantjie op die dorpie Erdvark in die Knersvlakte waar die afwesigheid van moderne tegnologie groot uitdagings stel. Met die naderende munisipale verkiesing vermenigvuldig sy kopsorge. Die regerende BA Minus word deur twee ander partye teengestaan. Soois moet fyntrap tussen goeie joernalistiek en beriggewing wat nie aanstoot gee nie. Dis nie 'n maklike taak nie, gegewe die talle strydpunte – die brandendste een is die afwesigheid van spoeltoilette op die dorp. Wanneer 'n horingadder in 'n kleinhuise sy tande in 'n kwesbare deel van 'n inwoner slaan, klap die eerste amptelike skoot in die verkiesingsveldtog. **Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van *Eleksie op Erdvark* deur Rudie van Rensburg.**

Naam Adres

Postcode Sel Tel. (w) E-pos

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

ITALTILE SE SPESIALE VERSAMELING PORSELEINBLAAIE
EENVOUDIG ASEMROWEND.



Eksklusief by



LIVEGREEN

Italtile se fenomenale **nuwegenerasie-porseleinblaaie**, byna 3 meter lank, dwing bewondering af. Hierdie reuse verteenwoordig die toppunt van moderne teëltegnologie, met hul haas onmoontlik slanke deursnee van 6 mm, ongelooflik sterk en rimpelend met lewensgetroue grafiese interpretasies. Perfek eenvormige rande maak naatlose vloere en foutlose muurbekleding moontlik, en ons blaaie is veelsydig genoeg om ook toonbanke en badkameroppervlakke te bedek. Italtile se spesiale versameling porseleinblaaie herdefinieer die konsep van luuksheid. Ons mees asemrowende porseleinreekse. By verre.

Ons vertoonlokale is sewe dae per week oop. Besoek ons in die winkel ... want sien is glo.

AANLYN WINKEL 010 271 2272



italtile



italtilesa



italtilesa



italtile

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

WIE WOON HIER?

Emma en Simon Hudson

WAAR Constantia

GROOTTE VAN EIENDOM

2 200 m²

OUDERDOM VAN

HUIDIGE TUIN 21 jaar

GRONDTIPE

Klei- en leemgrond

MET 'N hartvol blomme

Die blote gedagte aan 'n leë nes het Emma Hudson met nuwe oë na haar tuin laat kyk – waar sy toe nuwe vreugdes ontdek.

Deur Marié Brody • Foto's Jeandri Streicher



VERFKLEUR

Paintsmiths (Lowveld)
Paw Paw

DROOMMOOI TUINHUISIE

Gedurende die grendeltyd in 2020 het Emma op Pinterest 'n foto van 'n pragtige tuinhuisie gesien. "Ek het dadelik gedink dis nou net wat ek nodig het, en het die perfekte plek in die tuin daarvoor gehad. Ek moes net iemand kry om dit te bou," vertel sy. "Op 'n dag sien Simon toe in Kalkbaai 'n bordjie wat sê 'Little house construction'. Ons het ondersoek ingestel en die argitek Jack Andrew ontmoet, wat klein strukture in sy vrye tyd ontwerp en bou. Uiteindelik het hy vir my 'n droommooi tuinhuisie gebou wat vandag die tuiste is van allerhande blom- en plantgoed: droë blomme, saad, dahlias wat gestoor moet word, blomverwante gereedskap – selfs 'n voëltjie wat daar kom nes skop het. Die grond rondom die huisie is gelykgemaak en die deel wat stoep toe lei, met gruisklippies bedek. Wat 'n vreugdevolle ervaring!" >>



Langs die swembad is 'n heining van inheemse pambatiebome (*Anastrabe integerrima*) wat in los balle gesnoei word. Die blomme van perswildeknoffel (*Tulbaghia violacea*) voorlans komplementeer die blou water. Dié geharde plante gee nie om as daar op hulle getrap word wanneer die swembad skoongemaak word nie. In die bedding regs van die stoep groei plukblomme soos pronkertjies, dahlia's en rose.



Elke lente blom vingerhoedjies met oordad in die bedding langs die veranda.



Emma het hierdie waterfokuspunt geskep in 'n koue hoekie waar daar nie veel te sien was nie. Die dammetjie is 'n groot wit sementpot wat oor die jare so verweer het. Waterlelies, Louisiana-irise en waterblommetjies groei daarin.



Met genoeg blomme om te pluk en 'n blomkamer vol vase van alle kleure is Emma Hudson se hart vol – al het hul drie volwasse kinders die nes grootliks verlaat.


“My tuin is my groot vreugde. Sedert die kinders uit die huis is, kry ek en ons twee labradors, George en Charlotte, die grootste voordeel daaruit,” vertel Emma.

Sy sê sy en haar man, Simon, het aanvanklik die huis gehuur juis vir die tuin, sodat die kinders kleintyd daar kon speel. “Destyds was my grootste uitdagings 'n bamboesbos, 'n oorvloed swaardvarings en klimop, en 'n reuse-bloekomboom wat peule afgegooi het. Die struik was oorgroei en daar was 'n paar baie trae wit hoogstamrose. Wanneer ek tyd gehad het, het ek in die tuin gewerk en goed uitgetrek en teruggesny.”

Later het die Hudsons die huis gekoop, 'n boorgat laat sink en besproeiing aangelê. Donald Ross van Two Oceans Landscaping het kom help met die skoonmaak en om vorm te gee aan die tuin – iets wat die afgelope 21 jaar 'n ononderbroke projek sou wees.

“Die tuin het my heeltemal oorweldig. Ek het 'n vriendin, die tuinalgitek Tirzah Webb, gevra om te kom hand bysit. Sy het wonderlike idees gehad en lieflike sketse gemaak, maar ongelukkig kon ons nie bekostig om enigiets daarvan uit te voer nie. Ek het maar op my eie aangegaan terwyl die kinders my fokus en die tuin die tuiste van klein hondjies, rugbyballe, 'n trampolien en poniepartytjies was!” >>

By dié tafel kom sit Emma graag met 'n koppie tee. Dit staan in 'n bedding met wortelblomme, vergeet-my-nietjies en pronkertjies.





Emma het 'n klein woud geskep met sewe silwerberke (*Betula pendula*). Daaronder groei affodille (*Narcissus*) wat in die lente blom, vergeet-my-nietjies (*Myosotis*) en kappertjies. Sy los die gras om lank te groei vir 'n "wilde" voorkoms. Die bome dien ook as afskerming tussen die onderste en boonste deel van die tuin.

Kenners kom help

Sowat 12 jaar gelede ontmoet Emma die tuininstrukteur Giselle Grace. "Ek het haar gevra om die ingang van die hek na die voordeur te versag nadat ek die oorspronklike kronkelpaadjie van bakstene met 'n breë, reguit gruispad vervang het. Dis seker waar my ware belangstelling in tuinmaak begin het. Giselle het my idees gegee en gehelp om dit saam met haar span uit te voer. Ek het die tuin stuk-stuk begin verbeter, een bedding en hoekie op 'n slag – en ek is steeds daarmee besig."

Athol McLaggan, voorheen hooftuinier van die Stellenberg-tuin in Kenilworth, het ook 'n bydrae gelewer. Hy het potloodsketse gemaak en Emma baie oor tuinmaak geleer. "Een baie waardevolle wenk van hom was dat ek my tuin as verskillende tuinkamers moet sien, byvoorbeeld die swembad-, groente- en ingangtuin. Dit het my gehelp om die kamers een vir een aan te pak sonder om oorweldig te voel deur die tuin as geheel," gesels sy.

"Ek het elke deel 'n naam gegee, soos die skadutuin, die kamelia-wandelpad, die dahliatuin en die wit tuin. Hy het my ook geleer dat elke kamer 'n fokuspunt met hoogte moet hê – 'n bankie, 'n voëlbadjie of 'n piramide waarteen iets kan opgroei."

'n Sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) verskaf wonderlike geur langs dié tuinbank (*regs*), terwyl pronkridderspore en vingerhoedjies (*bo regs*) kleur gee aan die bedding voor die stoep.





Emma se mees onlangse toevoeging is haar blomkamer. Wat voorheen 'n donker en muurwerige TV-kamer was, is nou 'n pragtige vertrek met baie lig en blomverwante benodigdhede. "Ek moes my man oortuig dat as ons dié ruimte in 'n blomkamer verander, ek al my emmers, vase en ander bykomstighede soontoe kan skuif; dan kan hy die motorhuis verander in 'n gimnasium en 'n plek om bier te maak!"



Op die blomkamer se rakke (*links*) staan vase van verskillende vorms, gerangskik volgens kleur. "Dié vertrek is my toevlug," sê sy. "Naas die kombuis is dit nou die vertrek wat die meeste in die huis gebruik word. Dis hier waar ek blomme rangskik en slypskole aanbied."

'n Nuwe fokus

"In 2019, met my dogter Sophie in haar laaste skooljaar, het ek besef ek kort 'n nuwe fokus om die gedagte aan die leë nes wat voorlê, te versag. Giselle het voorgestel ek begin dahlias kweek.

"Ons het 'n paar knolle bestel en 'n bedding op 'n sonnige plek voor my sitkamerstoep gemaak. Sy het my gewys hoe en waar ek dit moet plant, waarna ek elke dag gaan kyk het of daar al iets op die kaal stuk grond gebeur," onthou Emma. "En toe, op 'n dag, was hulle daar! Sommige het hoër as ek gegroei, want ek het nie geweet mens moet die groeipunt uitknyp vir 'n meer bossierige vorm nie. Die dahlias het oorvloedig geblom! Die hele huis was vol blomme en ek het bosse daarvan weggegee. Dis hoe ek begin het om bosse blomme te maak, en hoe my blomsaak, The Flowery, ontstaan het."

Daardie selfde tyd het 'n vriendin haar gevra om te help met die blomme vir 'n troue. "Hoewel ons albei genoeg van blomme geweet het, het ons glad nie besef hoe stresvol die dag van die troue sou wees nie! Maar ons is daar deur, en dit het aanleiding gegee tot my trou-bloemisteszaak. Ek moet erken ek het sedertdien baie geleer deur werkwinkels by te woon, op Instagram te kyk en deur leer en probeer. Deesdae bied ek ook slypskole aan en doen blomme vir troues en ander geleenthede.

"My styl is altyd seisoenaal. Ek pluk sover moontlik uit my eie tuin, maar koop ook by blomplase, soek en pluk waar ek kan." >>





In haar bloed

Emma loop elke dag deur haar tuin om te sien wat kort aandag, en met die hulp van Christopher Mapfumo hou sy dit mooi en netjies. Sy sny gereeld dooie blomme uit en is altyd op die uitkyk vir slakke wat haar klein plantjies vreet. Sy deel graag plante met vriende en kry inspirasie van ander tuine wat sy besoek.

“My liefde vir ’n tuin en blomme kom beslis van my ma, Tessa Fiddian-Green, wat my geleer het om saailinge te plant en steggies te maak. Sy het dikwels my mening gevra oor die groepering van potte met plante en die verf van mure, hekke en potte. Ek het gereeld saam met haar kwekery toe gegaan; sy het volgehou dat dit eendag nog my gunstelingwinkel gaan wees!” onthou Emma. “My ma het altyd net rose met mooi name gekies. Haar gunsteling was wit ‘Iceberg’, ‘Just Joey’ en ‘My Granny’. As kind was daar ook altyd ’n potjie met tuinblomme wat sy gepluk het langs my bed. Hoe wens ek nie dat sy hier kon wees om te sien hoeveel ek geleer en watter impak sy op my gehad het nie.”

GUNSTELINGE EN STAATMAKERS

Met blomme en struik uit haar tuin maak Emma weekliks bosse vir verskeie plaaslike kliënte. Haar gunsteling-loofplante vir dié bosse is blinkabelia (*Abelia x grandiflora*), malvas soos die pepermentmalva (*Pelargonium tomentosum*), die ronde blare van kappertjies (*Tropaeolum majus*), en verskillende kruie soos roosmaryn (*Rosmarinus officinalis*), ment (*Mentha*) en vinkel (*Foeniculum vulgare*).

Klimplante soos die Chinese jasmyn (*Jasminum*

polyanthum) en kanferfoelie (*Lonicera*) is baie nuttig, terwyl ’n groot verskeidenheid rose kleur aan haar bosse gee.

“Rose is vir my pragtig, maar dis harde werk en ek kry hulp met hul versorging.

“Die plante moet twee keer per week diep natgemaak word; in die groeiseisoen voed ons dit met Ludwig’s Vigorosa en epsom-sout (’n halfkoppele per maand by die basis) en bespuit af en toe met Ludwig’s Insect Spray. Dooie rose word gedurig afgesny en die plante

self kry ’n somer- en ’n wintersnoei.

“Een van my gunsteling is ‘Garden & Home’, ’n pragtige romerige blospienk roos met ’n hemelse geur.” Emma koop al haar rose by Ludwig’s Roses of by plantverkopings van oop tuine.

Die toppresteerders in haar tuin is egter dahlias met hul oorvloed blomme.

Ander staatmakers is vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*), kosmos (*Cosmos bipinnatus*), kantblomme

As voormalige kleuterskoolonderwyseres is die aanbieder van blom-slypskole so in my kraal. ‘n *Kombinasie van blomme en onderrig*, stilering en kreatiwiteit is vir my hemels. – Emma

Pronkridderspoor

(*Ammi majus*), wortelblomme, (*Daucus carota*) pronkertjies (*Lathyrus odoratus*), pronkridderspore (*Delphinium x elatum*) en ranonkels (*Ranunculus*).

Vir fynere en delikate blomme hou sy van akeleie (*Aquilegia vulgaris*), sneeu-vlokkies (*Leucojum aestivum*) en Engelse viooltjies (*Viola odorata*).

“Dié stal ek graag uit in miniatuurpotjies op ’n tafel, of ek droog hulle om koek te versier,” sê Emma. 🌱





Malva



'Jhb Garden Club'



'Russelliana'



'Albertine'



Vergeet-my-nietjie



Geranium x oxonianum

KONTAKTE


Athol McLaggan [instagram.com/atholmclaggan](https://www.instagram.com/atholmclaggan)
 Emma Hudson [instagram.com/Emmajanehudson1](https://www.instagram.com/Emmajanehudson1)
 Giselle Grace [instagram.com/Giselle_grace_gardener](https://www.instagram.com/Giselle_grace_gardener)
 Jack Andrew 082 532 7573
 Ludwig's Roses [ludwigsroses.co.za](https://www.ludwigsroses.co.za)
 Two Oceans Landscaping
[twooceanslandscaping.co.za](https://www.twooceanslandscaping.co.za)



Christopher
Mapfumo



'Eye of the Tiger'



'St Dunstan's Centenary'

GAZPACHO-SOPIES

Resep op bl. 122



Lig en lekker is die wagwoorde vir kuieretes in die dag. Meng en pas jou vars spyskaart – ons gee twee opsies vir heerlike somerbestanddele wat jou gaste baie gelukkig gaan maak.

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

MIDDAGETE
is by my!

FETA-EN-TAMATIE-
SKAAKBORD

Resep op bl. 122

Tamaties

VOORGEREGTE

Gazpacho-sopies

Dié koue tamatiesop smaak na suiwer somer en kan voorgesit word as verwelkomingsdrankie (met of sonder 'n knertsie tequila)!

Genoeg vir 1 liter

Vorbereiding: 20 minute plus marineertyd oornag

- 1 klein rooi ui, fyngeskap
- 45 ml rooiwynasyn
- 'n bossie vars basilie of koljander, stingels en blare apart
- 6 groot pruimtamaties, in blokkies gesny
- 1 groot rooi soetrissie, in blokkies gesny
- 1 knoffeltoontjie, gekap (opsioneel)
- 1 klein komkommer, geskil, pitte uitgesny en in blokkies gesny
- 30 ml olyfolie, plus ekstra vir garnering
- 10 ml ligbruin suiker

1 Meng die gekapte ui met die asyn en laat staan vir 'n paar minute terwyl jy die res van die bestanddele byme-kaarkry. Dit temper die rou smaak.

2 Kap die kruiestingels en meng saam met die tamatie, soetrissie, knoffel, komkommer en olyfolie by die gemarineerde uie. Strooi ruim sout en peper oor asook die bruin-suiker. Bedek en sit oornag in die yskas, of vir minstens twee uur as jy dit dieselfde dag maak.

3 Maak die sop fyn in 'n bekerversapper. Ek hou daarvan om die pulp in myne te hou, maar jy kan die sop deur 'n sif vryf vir 'n finer tekstuur. Roer die gekapte kruieblare by (hou 'n paar vir garnering) en proe die sop vir oulaas. Doker na smaak met nog 'n knippie sout of swartpeper. Sit yskoud voor oor ys gegiet en garneer met 'n paar druppels goeie olyfolie en die vars kruie.

WENK As die sop te dik is na jou smaak, kan jy dit met tamatiesap verdun. 'n Paar druppels rissieolie plaas van die olyfolie gee die sop 'n ligte byt. En onthou, gazpacho moet werklik yskoud bedien word.

Feta-en-tamatie-skaakbord

Dié prettige voorgereg is beslis 'n aandagtrekker. Pas die hoeveelhede in die resep gerus aan volgens die getal gaste.

Genoeg vir 4-6 as voorgereg saam met brood

Vorbereiding: 20 minute plus marineertyd

Gaarmaaktyd: 5 minute

- 20 kersietamaties
- sowat 125 ml ekstra suiwer olyfolie
- 15 ml rooiwynasyn
- 5 ml za'tar-speserymengsel
- 300 g fetakaas (ons het Fairview se knoffel-en-rissiegeur gebruik)
- 8 frambose (of nog kersietamaties)
- sowat 30 ml balsemieke asyn
- 'n strooisel vars kruie en kruieblommetjies

1 Rooster die tamaties vinnig oraloor met 'n blaasvlam tot die skilletjies swart is en bars. Hierdie stap is opsioneel, maar maak die tamaties ekstra lekker. Skil die tamaties af en meng met die olyfolie, rooiwynasyn en za'tar. Marineer vir 'n uur of wat voor opdiening.

2 Sny die fetakaas in 28 ewe groot blokkies. Giet die olyfolie waarin die tamaties gemarineer het in 'n mooi bord met 'n lip. Rangskik die fetakaas, bessies en tamaties in 'n skaakbordpatroon. Drup die balsemieke asyn oor en garneer met 'n strooisel mikrokruid of eetbare blommetjies vir die mooi en lekker. Sit voor met vars of geroosterde ciabbatasnye vir opskep en doop.

WENK As jy nie lus het om tamaties te marineer nie, vervang dit met ontpitte of gestopte olywe. >>

Berei soveel van die maaltyd die dag voor die kuier sodat jy saam kan ontspan met jou gaste. Marineer en krummel die hoender, rooster die pampoen vir die slaai en bak die akni. Die kerrie en gazpacho se geur is nog beter die volgende dag. – Johané

KRUMMELHOENDER-KEBABS

Resep op bl. 124



Hoender

HOOFGEREGTE

Krummelhoender-kebabs

Kinders en grootmense hou gewoonlik ewe veel van krummelhoender. Met hierdie gesofistikeerde weergawe kan jy onthaal ook.

Genoeg vir 6

Vorbereiding: 30 minute, plus marineertyd

Gaarmaaktyd: 20 minute

- 15 hoenderdyfilette (sowat 750 g), elk in drie gesny
- 300 ml pankko-broodkrummels
- 125 ml gerasperde parmesaankaas
- 'n knippie rooipeper
- olyfolie in 'n spuitbottel

MARINADE

- 60 ml olyfolie
- 60 ml witwyn
- 1 blokkie hoenderaftrekselpoeier, gekrummel
- 30 ml vars suurlemoensap en sowat 5 ml gerasperde suurlemoenskil
- 3 ml knoffelpoeier (of 'n heel vars toontjie, gekneus)
- 5 ml Dijon-mosterd
- 3 takkies tiemie

1 Meng al die marinade-bestanddele saam en roer die hoender by. Sit oornag in die yskas.

2 Meng die broodkrummels en kaas met die rooipeper en sout na smaak. Rol die hoenderblokkies nat-nat in die krummels en druk die lagie aan die buitekant vas. Herhaal tot al die blokkies bedek is. Ryg nou op staal- of houtstokkies, nie te styf nie. Ek ryg gewoonlik hier en daar 'n suurlemoenblaar saam op vir die mooi en lekker.

3 Sit die stokkies in 'n enkellaag in die mandjie van jou lugbraaier, spuit mildelik met olyfolie en lugbraai vir 10 minute teen 200°C. Draai om en lugbraai vir nog 7-10 minute of tot mooi goudbruin en deurgaar.

WENK As jy nie 'n lugbraaier het nie, braai die stokkies in 'n bietjie olyfolie in 'n warm pan tot goudbruin en gaar.

TA-DA!

Bedien die gekrummelde hoenderstokkies met 'n bak brosslaaiblaar soos cos en jou gunsteling-slaaisous. Vir my lekkerste suurroomdoopsous meng mens 125 ml **suurroom** met 'n opgehoopte teelepel **korrelmosterd**, 'n knippie **suiker**, **sout** en **swartpeper**, 10 ml gekapte **grasuie** en 'n paar druppels **olyfolie**. Jy kan natuurlik 'n klaarbereide Caesar-slaaisous koop as jy wil.

Hoender-akni

Dié geurige dis bevat nie ekstra brandrissie nie sodat dit in almal aan tafel se smaak sal val. Ek sit 'n bakkie gekapte groen brandrissie en 'n potjie rissiesprinkel vir selfhelp op die tafel vir die vuurvreters in my vriendekring. Kry die resep vir ons rissiesprinkel in *Tuis* van Mei 2025 en ook by netwerk24.co.za/tuis.

Genoeg vir 6 ruim porsies • Vorbereiding: 1 uur

Gaarmaaktyd: 1 uur 20 minute

- | | |
|---|--|
| • 80 ml dubbelroomjogurt | • 6 heel naeltjies |
| • 30 ml matige masala | • 5 ml borrie |
| • 12 hoenderdyfilette (ongeveer 650 g) | • 2 lourierblare |
| • 30 ml botter | • 15 ml tamatiepasta |
| • 15 ml olyfolie | • 2 ryp tamaties, gerasper |
| • 2 klein uie, gehalveer en dun gesny | • 375 ml (1½ koppie) basmatirys, gespoel |
| • 5 ml elk gekapte vars knoffel en gemmer | • 3 aartappels, in blokkies gesny en gaargebraai in olie of gekook |
| • 4 groen kardamompeule, gekneus | |

KRUIEJOGURT

- 125 ml dubbelroomjogurt
- 60 ml koljanderblare, gekap
- 30 ml vars ment, gekap
- sowat 15 ml suurlemoensap of na smaak

1 Meng die jogurt en masala deur die hoender. Laat dit marineer terwyl die uie braai.

2 Smelt die botter en olie saam en braai die uie stadig tot glansend en dan mooi goudbruin. Hou die hitte matig. Sodra die uie reg is, roer die knoffel, gemmer, speserye en tamatiepasta by en braai vir nog 'n paar minute tot geurig. Roer volgende die tamaties by en roerbraai vir nog 5 minute saam. Meng die rys en aartappels by, geur met sout en peper en skakel eers die hitte af.

3 Verhit 'n riffelpan tot warm en braai die hoender in sarsies tot net gaar met mooi swart skroeilyne weerskante. Jy kan ook die hoender in 'n gewone pan braai, maar die rokerige geur van die riffelpan doen wondere vir die finale dis. Sodra die hoender gebraai is, geur ruim met sout en peper en skep saam met die rismengsel in 'n oondvaste bak met 'n digsluitende deksel.

4 Voorverhit die oond. Giet ongeveer 450 ml warm water by die rys (die rys moet bedek wees, so gebruik jou oordeel), maak die oondbak toe en bak vir 1 uur. Loer ná 45 minute en oordeel of dit nodig is vir nog 'n skeutjie water.

5 **Maak die kruijogurt** Meng vars krui, jogurt en suurlemoensap saam en skep in 'n mooi bakkie.

6 Gebruik 'n vurk om die gaar rys uit te pof. Sit warm of teen kamertemperatuur voor met die kruijogurt en, as jy wil, blatjang. >>

HOENDER-AKNI



Botterskorsie

BYKOS

Botterskorsiepastei

Dié gereg is eintlik 'n onderstebo-quiche en omdat die deeg bo-op is pleks van onder die vulsel, bly dit heerlik bros en kan dit maklik vooraf berei en herverhit word of teen kamertemperatuur bedien word. Dit is 'n heerlike bykos of vegetariese hoofmaal.

Genoeg vir 8 as bykos, 6 as hoofgereg

Voorbereiding: 45 minute

Garmaaktyd: 1 uur

Oondtemperatuur: 200°C en 180°C

- 2 middelslag-botterskorsies, geskil en in blokkies of stafies gesny
- 30 ml olyfolie
- 3 takkies tiemie, blaartjies gestroop
- 3 ml elk komyn, koljander en rissievlokkies
- 1 rooi ui, in wiggies gesny
- 3 heel knoffeltoontjies
- 15 ml ligbruinsuiker
- 4 eiers
- 250 ml room
- 5 velle filodeeg
- sowat 125 ml botter, gesmelt
- 12 salieblare

1 Voorverhit die oond. Meng die botterskorsieblokkies met die olyfolie, tiemie en speserye en versprei saam met die ui en knoffel in 'n oondpan. Strooi die suiker oor sowel as sout en swartpeper na smaak en bak vir 30 minute of tot gaar. Rooster vir 'n ekstra 5 minute onder die roosterelement om lekker gekaramelliseerde puntjies te kry.

2 Skep oor in 'n geskikte pasteibak, druk die knoffel uit die skilletjies en druk saam met van die gaar pampoen fyner met 'n vurk. Laat effens afkoel.

3 Verlaag die oondtemperatuur tot 180°C. Klits die eiers en room saam tot glad, geur goed met sout en peper en hou gereed.

4 Knip die filovelle oor die lengte in die helfte. Verf een vir een met botter, strooi 'n salieblaar of twee oor en frommel in 'n rowwe roos. Herhaal met al die velle. Giet die eiervla oor die gaar pampoen, sit die filorose bo-op en verf enige oorblywende botter oor. Strooi die laaste salie ook oor en bak tot gaar, sowat 30 minute.



Lensieslaai met geroosterde botterskorsie

Hier wag 'n verrassing in elke hap!

Genoeg vir 6-8

Vorbereiding: 30 minute

Gaarmaaktyd: 30 minute

Oondtemperatuur: 200°C

- 1 groot of twee klein botterskorsies, in wiggies gesny
- 1 klein suurlemoen, in dun skyfies gesny
- 15 ml olyfolie
- 3 ml sumac
- 30 ml heuning
- 1 blik (400 g) lensies, gedreineer
- 200 ml dubbelroom-jogurt
- 2 ryp avokado's, geskil, ontpit en in agtstes gesny
- 80 g roketblare
- 60 ml uievlokkies ("crispy onion sprinkle")
- 100 g pampoenpitte, gerooster
- 60 ml granaatpitte

SLAAISOUS

- 45 ml olyfolie
- 15 ml rooiwynasyn
- 5 ml elk Dijon- en korrelmosterd
- 15 ml gekapte platblaarpetersielie

1 Voorverhit die oond. Sprei die botterskorsiewiggies en suurlemoenskyfies in 'n enkellaag op 'n bakplaat, drup die olyfolie oor en geur met die sumac, sout en peper. Drup die heuning oor en bak tot gaar. Rooster die pampoen vir nog 5 minute of langer tot dit mooi geskroeide puntjies het. Afhangend van hoe groot die pampoenskywe is, is dit sowat 35 minute plus die roostertyd.

2 Kliits intussen die slaaisousbestanddele saam, geur met sout en peper en meng deur die lensies.

3 Om voor te sit smeer jy die jogurt oor die oppervlak van 'n mooi plat dienbord. Rangskik die lensies, pampoenskywe en avokado oraloor. Strooi die roket, uievlokkies, pampoenpitte en granaatpitte laaste oor saam met 'n laaste knippie sout en vars gemaalde swartpeper. 'n Paar eetbare blommetjies is 'n vrolike opsionele ekstra. >>

Suiker en botter

NAGEREGTE

KATAIFI-ROOMYSKOEK

Kataifi-roomyskoek

Behalwe vir die geure maak die sagte kleure van die roos, pistasieneute en lemoen in dié eksotiese roomys my opgewonde. Die dekadente koek is geweldig lekker om te maak (en te eet). Dit is my vereenvoudigde weergawe van 'n kataifi-roomys met mastika-likeur wat ek raakgelees het op antonioufillo.com.au en net moes toets.

**Genoeg vir 12 skywe • Voorbereiding: 1 uur, plus vriestyd
Gaarmaaktyd: 30 minute • Oondtemperatuur: 180°C**

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none">• sowat 200 g kataifi-deeg, teen kamertemperatuur ontdooi indien bevrore• 125 ml gesmelte botter• 100 g pistasieneute, gekap• 2 liter goeie vanielje-roomys• 'n strooisel vars pienk roosblare vir garnering | STROOP <ul style="list-style-type: none">• 125 ml ligbruin suiker• 150 ml water• gerasperde skil van 1 lemoen• 15 ml rooswater• 30 ml vars uitgedrukte lemoensap |
|--|---|

1 Maak eers die stroop. Roer die suiker en water saam oor matige hitte tot die suiker opgelos is, roer die lemoenskil by, bring tot kookpunt en kook sonder om te roer vir 10 minute of tot effens verdik. Voeg die rooswater en lemoensap by en laat heeltemal afkoel. Sit in die vrieskas as jy moet sodat dit vinnig yskoud word.

2 Voorverhit die oond. Rol die katafideeg oop en versprei eweredig in 'n oondbak. Dit kom in lang stringe, oordeel of jy dit wil korter knip of breek. Giet die botter oor en vryf liggies met jou vingers in tot al die deegstringe bedek is. Bak tot goudbruin en gaar, sowat 25-30 minute. Loer halfpad deur en roer soos nodig. Met so 'n klein hoeveelheid brand enige dun stukkies wat uitsteek en jy wil hê al die deeg moet bros bak.

3 Sodra die deeg uit die oond kom, giet die koue stroop oor, dit gaan heerlik sis! Laat effens afkoel.

4 Strooi die neute oor en skep sowat 'n kwart van die bros katafimengsel uit en hou eenkant vir garnering. Skep nog 'n paar lepels vol van die katafimengsel in die broodpannetjie waarin jy die "koek" gaan vries.

5 Skep nou die roomys by die oorblywende kataifi in die oondbak en meng ligweg deur. Die roomys moet liefies nie te veel smelt nie, want dan sny die voltooide koek moeilik. Skep dadelik bo-op die laag kataifi in die broodpan, smeer gelyk en vries tot hard. Ek het vir die pret sowat 200 ml van die vanieljeroomys met roosstroop pienk gekleur vir 'n ekstra laag, maar dit is opsioneel.

6 Keer die koek net voor opdiening om op 'n mooi bord en garner met die behoue kataifi en roosblare. Sit in skywe voor.

Waar kry jy kataifi?

Omdat dit 'n spesialisprodukt is, kan jy sukkel om kataifi in die hande te kry. Vra jou naaste deli, bestel dit aanlyn by merakidelicafec.com wat landwyd aflewer of in die Wes-Kaap by mediterranean delicacies.co.za.

Blommetjies-brosbrood

Dié pragtige koekies is die perfekte ligte nagereg saam met koffie of soetwyn. Dit is ook 'n ideale geskenkie vir huis toe neem.

**Genoeg vir sowat 16 koekies
Voorbereiding: 25 minute, plus verkoeltyd
Baktyd: 20 minute
Oondtemperatuur: 160°C met 'n waaier, 170°C daarsonder**

- 200 g botter, sag
- 180 ml ($\frac{3}{4}$ koppie) strooisuiker
- 5 ml vanieljegeursel
- 375 ml ($1\frac{1}{2}$ koppies) koekmeel
- 125 ml ($\frac{1}{2}$ koppie) mielieblom
- eetbare blommetjies soos gesiggies, kappertjies of magrietjies

1 Verroom die botter, suiker en vanielje saam tot lig van kleur. Sif die droë bestanddele by en meng saam om 'n gladde deeg te vorm.

2 Rol die deeg omtrent 1 cm dik uit tussen twee velle bakpapier. As die deeg te sag is om dadelik mee te werk, sit dit 'n bietjie in die yskas tot dit ferm maar nie hard is nie. Versier die uitgerolde deeg met eetbare blommetjies, bedek weer met 'n vel bakpapier en rol die blommetjies vas met 'n rolstok. Die deeg sal nou net dunner as 1 cm wees.

3 Sny die mooigemaakte deeg in ronde koekies, rangskik 'n entjie uitrekaar op 'n bakplaat wat met bakpapier uitgevoer is (dit is om te keer dat die koekies inmekaar rys) en vries vir 2 uur. Dit help dat die blommetjies nie in die oond skroei nie.

4 Voorverhit die oond en bak die koue koekies vir 10 minute. Roteer die bakplaat en bak vir nog 8-10 minute of tot gaar. Die koekies moenie verbruin nie en sal verhard wanneer dit afkoel. Skuif die koekies met bakpapier en al na 'n draadrakkie en laat afkoel. Sprinkel met strooisuiker en bêre in 'n lugdigte houër. 🏠



Karringmelk- krummelhoender

Maak dié klassieke wegneem-bederf maklik
tuis, maar met 'n kinkel.

Deur Johané Neilson
Foto's ER Lombard

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 40 minute, plus marineertyd • Gaarmaaktyd: 10 minute per sarsie


Ons vlek die rou boudjies om te verseker dat die vleis oraloor gegeur is en dat dit tot op die been gaar word.

Al wat jy nodig het vir dié kinkel is 'n skerp messie.

- 8-10 hoenderboudjies
- 300 ml karringmelk
- 'n ruim skeut brandrissiesous (opsioneel)
- 5 ml worcestersous

- 1 knoffeltoontjie, fyngerasper
- 5 ml braaisout (jou gunsteling-mengsel)
- 'n knippie paprika
- 'n paar takkies vars tiemie en roosmaryn (opsioneel)

- 250 ml bruismeel
- 60 ml mielieblom
- 'n knippie gerookte paprika
- 5 ml droë kruie
- canola-olie vir diepbraai




1 Maak 'n insnyding tot op die been van elke boudjie, verkieslik aan die onderkant. Skraap die vleis effens weg van die beentjie om sodoende die boudjie oop te vlek, maar moet dit nie heeltemal lossny nie.



2 Meng die karringmelk, brandrissiesous, worcestersous, knoffel, sout, paprika en vars kruie saam en meng deur die hoender. Marineer die hoender vir minstens 30 minute, maar verkieslik vir 'n paar uur. **WENK** Maak die resep tot hier die aand voor die tyd en marineer in die yskas. Haal 30 minute voor gaarmaaktyd uit die yskas.



3 Meng die bruismeel, mielieblom, gerookte paprika en droë kruie met 'n ruim knippie sout en peper. Jy kan ook weer jou gunstelingbraai-speserye gebruik as jy verkies. Haal die hoenderstukke een vir een uit die karringmelk, laat die oortollige marinade afdrup en bedek met die meelmengsel. Druk dit liggies met jou vingerpunte vas en maak seker dit is heeltemal bedek. Pak dit op 'n draadrakke; herhaal met al die stukke.



4 Verhit die olie in 'n kastrol totdat 'n broodblokkie op die oppervlak borrel. (Dit is 'n maklike toets om seker te wees die olie is warm.) Braai die meelbedekte hoender in sarsies tot goudbruin en gaar, sowat 10 minute. Reguleer die temperatuur van die olie – dit moet warm wees vir 'n bros resultaat, maar die hoender moenie so vinnig verbruin dat dit nie deurgaar braai nie. Skep die bros hoender uit en plaas op kombuispapier; herhaal met die volgende sarsie.

TA-DA!

Sit dadelik voor. 'n Lepeltjie pruimsous vir 'n sweempie soet met 'n strooisel gekapte sprietuie is opsionele ekstras. 📌





Kos is op die tafel!

Hoender-en-komkommer-pitas

Onder R145 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

- halwe komkommer, ontpit en in blokkies gesny
- 400 g mini-hoenderfilette (of 2 hoenderborsfilette in repe gesny)
- 30 ml olyfolie
- 5 ml elk komyn, paprika en droë oreganum
- 1 blik (400 g) kekerertjies, gespoel
- 200 ml dubbelroomjogurt
- 45 ml romerige mayonnaise
- 125 ml sagte kruie (pietersielie, ment en dille), gekap
- 30 ml fyngekapte rooi ui
- 1 suurlemoen se sap en skil
- 4 pitabrode, gehalveer en gerooster
- 125 ml ontpitte swart olywe
- 150 g kersietamaties, gesny (opsioneel)

- 1 Geur die komkommer met sout en laat dreineer in 'n vergiettes.
- 2 Meng die hoender met die olyfolie en speserye. Panbraai tot mooi goudbruin en gaar. Onthou sout en peper na smaak. Meng vir die laaste 2 minute die kekerertjies by en roerbraai tot geurig. Verwyder van die hitte en laat effens afkoel.
- 3 Druk die komkommer goed droog. Meng met die jogurt, mayonnaise, kruie, ui, sap en skil. Onthou, die komkommer is reeds gesout, maar swartpeper by is altyd lekker.
- 4 Vul die warm pitabrode met die komkommerslaai, hoender-en-kekerertjiemengsel, olywe – en as jy wil – tamatieskyfies.



Blitsige roerbraai met varkmaalvleis en neute

Onder R135 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute
Gaarmaaktyd: 15 minute

- 15 ml sesamolie
- 1 klein wit ui, fyngekap
- 400 g vars varkmaalvleis
- 100 g geroosterde kasjoeneute (of grondboontjies)
- 5 ml elk fyngekapte vars knoffel en gemmer
- 30 ml sojasous
- 5 ml bruinsuiker
- 5-10 ml rissiesprinkel ("chilli crisp")
- 15 ml vars suurlemoen- of lemmetjiesap
- 2 groot wortels, geskil en grofgerasper
- 3 sprietuie, gekap
- 250 ml jasmynrys, gaargestoom
- 8 bros slaablare vir voorsit
- 125 ml vars koljander, gekap
- 4 gebraaide eiers

- 1 Verhit 'n dikboombraaipan tot warm. Voeg die olie by en braai die ui tot glansend. Voeg die maalvleis by en braai vir 'n paar minute tot gaar. Breek deurgaans met 'n spaan tot korrelrig.
- 2 Roer die kasjoeneute, knoffel en gemmer by en geur met sout en peper. Roer na 'n paar minute die sojasous, suiker en rissiesprinkel by en braai tot alles goudbruin is. Drup die sap oor en meng saam met die wortel en sprietuie deur.
- 3 Skep 'n porsie rys in vier bakkies, verdeel die geurige roerbraai tussen die bakkies en rond af met slaablare en koljander. Skep 'n sagte gebraaide eier in elke bakkie en bedien met ekstra rissiesprinkel in 'n bakkie vir dié wat nog byt soek.



Vinnige harissa-vis

Onder R250 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 30 minute
Gaarmaaktyd: 20 minute

- 650 g stokvisfilette, vel verwyder en in porsies gesny
- 30 ml harissapasta
- 30 ml olyfolie
- 1 groot ui, gehalveer en dun gesny
- 2 knoffelhuisies, fyngekap
- 'n bossie vars koljander, blare en stingels apart gekap
- 1 rooi soetrissie, in repies gesny
- 1 blik (400 g) gekapte tamaties
- 3 ml saffraan in 30 ml kookwater geweek (of 10 ml borrie)
- 80 ml rosyntjies
- 1 lourierblaar
- 'n knippie bruinsuiker
- 100 g gevulde groen olywe ("buffet olives")
- 250 ml koeskoes, gaargemaak
- 80 ml Griekse jogurt om voor te sit

- 1 Druk die vis goed droog en smeer oraloor met die harissa.
- 2 Verhit die olyfolie in 'n groot dikboompan en braai die uie tot glansend. Voeg die knoffel, koljanderstingels en soetrissie by en braai nog 'n paar minute. Roer die tamaties en 'n blik warm water by, gevolg deur die saffraan en weekwater, rosyntjies en lourierblaar. Geur met 'n knippie suiker, sout en peper. Laat prut die sous vir 10 minute of tot effens dikker.
- 3 Skep die gegeurde vis en olywe in die pan, bedek en posjeer rustig tot die vis gaar is – sowat 5-7 minute afhangend van hoe dik die vis is.
- 4 Strooi die koljanderblare oor en sit voor met die koeskoes en jogurt.



Pangebraaide vis met kruiebotter en groente

Onder R220 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 45 minute
Gaarmaaktyd: 40 minute

- 500 g baba-aartappels, gehalveer
- 30 ml olyfolie
- 4 visfilette (120 g elk), ons het silwervis gebruik
- 15 ml koekmeel
- 125 ml botter
- 1 knoffeltoontjie, fyngekap
- 200 g groenboontjies, in stukkie van 2 cm gesny
- 'n hand vol baba-spinasieblare
- 350 g murgpampoentjies, in linte gesny
- 30 ml gekapte platblaarpietersielie
- 15-30 ml suurlemoensap

1 Meng die aartappels met 15 ml olie, geur met sout en peper en lugbraai vir 25 minute by 180°C. Jy kan dit ook in 'n bietjie soutwater kook tot net sag as jy nie 'n lugbraai het nie.

2 Geur die vis met sout en peper en bedek met 'n lagie meel. Verhit die oorblywende olie in 'n dikboompan en braai die vis, velkant eerste, vir 'n paar minute tot bros.

3 Sodra die boonste vlees om die rande begin wit verkleur, draai om en braai vlugtig die ander kant vir nog 'n minuut of twee. Wees versigtig vir oorgaer. Skep uit en laat rus.

4 Smelt die helfte van die botter en braai die knoffel, gaar aartappels, groenboontjies en spinasie saam. Skep by die vis en roerbraai vinnig die murgpampoentjie-noedels tot net sag. Skep uit en smelt die oorblywende botter, pietersielie en suurlemoen saam vir 'n sousie. Bedien alles saam.

WENK As jy baie honger is, oorweeg 2 visfilette per porsie. 🏠



Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf

KWV XXO Twenty (R1 599, kvv.co.za) is bekroon as stylwenner in die brandewynkategorie by die World Drinks Awards in Londen. Geluk!



GOOI BORRELS BY!

Robertson Winery Mimosa Berry Infused Sparkling Spritzer gee die klassieke sitrusformule 'n lekker kinkel met bessies by, terwyl die Mimosa Non-Alcoholic Orange Flavoured Sparkling Spritzer sprinkel sonder alkohol (R100 elk, robertsonwinery.co.za).




Fry's se nuwe Flexi-reeks is 'n slim keuse vir Suid-Afrikaners wat graag minder vleis wil eet. Wees op die uitkyk vir die kenmerkende swart verpakking in die vrieskasafdeling van jou naaste supermark. Proe die nuwe Smash Burgers (R75 vir 'n 4-pak, fryfamilyfood.com) – hul sappigste burger nog!



DIE GOUE UUR

Geniet die sonnige middag en soel aande by Ocaso, 'n nuwe Mexikaans geïnspireerde skemerkelkie- en eetplek in Oxford Parks, Johannesburg. As Corona se eerste vlagskip-venue in Suid-Afrika is dit ontwerp om te pas by die handelsmerk se liefde vir die goue uur wat gaste verlei om langer te bly. Bekyk die spyskaart en bespreek 'n tafel by ocaso.co.za.

Maxwell & Williams
Eloise Short Lyric Coupe-bord (20 cm; R175) en koppie en ptering (240 ml; R285) van maxwellandwilliams.co.za.



Bobaas vir bakkers

Die begeerlike Nordic Ware-koekpanne van gegote aluminium is nou by Woolworths beskikbaar – en jy sal almal wil hê! Ons hou van die Brilliance Bundt- en Classic Fluted-panne (R1 499 elk, woolworths.co.za).



PIENK PASTELLE


Ons kan nie genoeg kry van Blush, die nuwe sagte blospienk van Mervyn Gers Ceramics nie. Dit sluit mooi aan by die bestaande kleure in die reeks, die delikate Marshmallow – en dan is daar Dahlia, 'n sterker skakering van pienk. Kry meer besonderhede by mervyngers.com.



Veilig gebêre

Dié was-lappies (stel van 3; R290, shop.babylonstoren.com) word gemaak van 100% organiese katoen, jojoba-olie, bywas en boomhars en is 'n ekovriendelike alternatief vir kombuiskleefplastiek. Dis natuurlik antibakteries, hergebruikbaar en wasbaar – perfek vir vrugte, groente, oorskiet, brood, kaas en versnaperings.

Dis teetyd! Dilmah se nuwe reeks geurede swart tee (R39.99 vir 'n boks met 20 sakkies, dilmah.co.za) sluit in Apple, Cinnamon & Vanilla, Peach & Lychee, Mango & Strawberry, Forest Berry, Lemon & Lime, Cherry & Almond, Ginger & Orange en Ginger & Honey. Beskikbaar by Pick n Pay.



Durbanville Pinotage 2024 (R1 200) vier drie mylpale: die 200ste herdenking van die dorp Durbanville, 100 jaar van Pinotage as 'n eg Suid-Afrikaanse kultivar, en 100 jaar van Afrikaans as 'n amptelike taal. Net 1 170 bottels van dié wyn is beskikbaar, met elk wat eksklusief aangebied word in 'n 1.5L-bottel. Die wyn word net by uitgesoekte proelokale in die Durbanville-wynvallei verkoop en kan ook bestel word by durbanvillewine.co.za.

HIER'S HY WEER

Sinoyolo Sifo is terug, dié keer met *Sifo: The Cooking Husband Vol. 2* (R370, Penguin Random House), 'n opwindende opvolg tot sy eerste inspirerende kookboek. Sifo se missie is om vooropgestelde idees oor wie moet kosmaak uit te daag en meer mans aan te moedig om sy maklike resepte in te span. Volg hom by [instagram.com/sifo_the_cooking_husband/](https://www.instagram.com/sifo_the_cooking_husband/).

Die nuwe Lebkuchen Spiced Choc Chip Cookies van Harck & Heart (R69.50/200 g, harckandheart.co.za) kombineer donker sjokolade met 'n unieke speserymengsel met 'n familieresep wat van geslag tot geslag aangegee word. Gratis aflewering vir bestellings oor R500 – bestel nou vir Kersfees!



KIES 'N RING



Dié handgeweefde servetringe (R980 vir 'n stel van vier, sixteentables.co.za) is te kry in vyf pragtige kleurskemas. 📌

TEKEN IN & SPAAR

40%! R480⁰⁰ vir 8 uitgawes*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361

HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300

E-POS intekenare@media24.com

OF WHATSAPP 087 353 1287

DIGITAAL BESOEK Zinio.com of Magzter.com
of Netwerk24.com

ZINIO
THE WORLD'S LARGEST NEWSSTAND

MAGZTER
DIGITAL NEWSSTAND

NETWERK24

* Intekentarië is onderworpe aan prysverhogings en jou betaalinstruksie sal ooreenkomstig die verandering in jou tarief aangepas word. Aangesien maandelikse subskripsies outomaties hernieu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbod geld tot 13 November 2025. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentarië, skakel +27 21 065 0033. Vir nuwe subskripsies, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.



Om op hierdie blad te adverteer, gesels met

Evonne Mehl

078 402 1784
evonne.mehl@media24.com

KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborger, hul filiale, advertensie- en promosie-agentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisiewenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. *Tuis* kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met en vertraging in die gestanddoening van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel sal slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gegenereerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in *Tuis* waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie. **LET WEL** Weens variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.



sweef meubels
odezen.com
ons lewer landwyd af



Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

VOEL HEERLIK VARS MET DIE PERFEKTE LENTEGEUR

Elizabeth Arden stel White Tea Eau Fraiche bekend, 'n verfrissende toevoeging tot die White Tea-parfuumversameling. Hierdie moderne herinterpretasie is perfek vir die lente en somer en meng skoon, helder, en opbeurende geure wat 'n gevoel van rustigheid en elegansie oproep. Dit kom in 30 ml (R810), 50 ml (R1 050), en 100 ml (R1 350) groottes. Beskikbaar aanlyn en by vooraanstaande Elizabeth Arden-kleinhandelaars landwyd.



ONTWERP DIE HERWINNINGS-EENHEID VAN JOU DROME

Milestone Kitchens bied herwinningseenhede in hul drie premium reekse aan. Kliënte kan hul eenheid volledig aanpas deur te kies uit hout-, klip-, of vlekvrystaal-blaaie, sowel as pote, wiele, of voetstuk-basisse, en afmetings en kleure spesifiseer. Besoek milestonekitchens.co.za om joune uit te soek om by jou unieke behoeftes te pas. Gaan na milestonekitchens.co.za om te bestel.



LUUKSE BADKAMER-OPGRADERING

Durbanville Sanitary & Plumbing stel die Jeeves Classic Range verhitte handdoekreling bekend, met stawe wat nader aan mekaar gespaseer is vir verbeterde hitte-digtheid. Hierdie premium model droog doeltreffend en verwarm handdoeke liggies terwyl dit ruimte maksimaliseer met ekstra wydte om twee



gevoude handdoeke per staafgroep te akkommodeer. Transformeer jou daaglikse roetine met luukse warmte en gerief. Vir meer inligting, skakel 021 975 1930 of besoek www.durbanvillesanitary.co.za.

TOEKOMSGLANS

Ervaar die toekoms van versorg met die Glow2Facial – 'n kragtige behandeling sonder enige aftyd wat OxyGeneo, radiofrekwensie- en ultraklanktegnologieë kombineer. Geniet fermere, stralender en jeugdiger vel ná net een sessie. Die allerbeste gesigverbetering is nou beskikbaar in Suid-Afrika. Bespreek jou glans-toekoms by 079 175 8152 of besoek geneoXsa.co.za.



EENVOUD MET 'N BEELDHOU-AANSLAG

Die Eurolux Halo Trio Pendant (P1346) voeg 'n beeldhou-aanslag tot interieurs met sy minimalistiese vorm en warm goue afwerking. Dis ideaal vir moderne vertrekke en werk as beligting sowel as 'n fokuspunt. Dié lig werk met E27-gloeilampe en laat jou toe om die helderheid te verstel om by die atmosfeer te pas. Die aanbevole verkoopprijs is R3 490. Kontak Eurolux in Kaapstad by (021) 528 8400, of in Johannesburg by (011) 608 2970. Sien meer by www.eurolux.co.za of stuur 'n e-pos na info@eurolux.co.za.



DIE RYKDOM VAN 'N ERFENIS

By Just Property is rykdom meer as net jou finansiële state. Dis erfenis, vreugde, familie, sekuriteit, groei en vryheid. Of jy nou huur of koop, eiendom skep 'n betekenisvolle lewe. Van jou eerste huurplek tot jou vir-altyd-woning, Just Property is elke tree van die pad saam met jou – en bied kennis, omgee en selfvertroue. Vind wat net reg is vir jou. #JustRight Besoek www.just.property om rykdom te skep deur eiendom.





Stoepstories *uit die* Hantam

'n Onlangse besoek aan Calvinia herinner Karin Brynard skielik weer aan 'n gekoesterde tyd uit haar jeug.

Dié was 'n gure wintersdag toe ek die laaste keer deur Calvinia is. Daar was so 'n bitsige skuinswind doenig, een wat die koue astant onder jou jaskraag ingevryf het. Die mooi ou klipperige kamme van die Hantam-berge was byna onsigbaar agter 'n staalgrys wolkkombers wat gramstorig laag oor die skrapse bossielandskap bly hang het.

Ek was egter knus en snoes voor 'n houtstofie saam met 'n paar vriendinne in een van die mooi gerestoureerde dorpshuise van die Hantamhuis-kompleks, besig met lang bekers tee en plaasbeskuit. Netnouma, sê ons vir mekaar, as die wind sy lê kry en die son welwillend weer sy kop uitsteek, gaan ons stoep toe. Want dis waar die genade van 'n winterse Karoo-dag lê.

Dié dorp roep sterk herinneringe van die gulheid sowel as die lafenis van stoepes by my op – veral my ouma s'n van doerie jare, toe ek klein was en die wêreld groot en wonderwaardig. Ek was maar vyf jaar oud toe ons as gesin vir 'n wyle by haar gewoon het en Pappa by die destydse landboukoöperasie op die dorp gewerk het.

Tipes van alle Karoo-stoepes uit die vooroorlogse tyd het dit so 'n gewelfde sinkplaatafdak gehad wat op stewige baksteenpilare gerus het. Die vloer was van osbloedrooi sement wat al om die tweede dag spieëlblink gepeets is.

Weerskante van die voordeur het Oupa vir haar twee eenvoudige metaalstellasies staangemaak met houtplanke vir rakke. Dié was met koerantpapier bedek wat aan die voorkant soos gordyntjies oorgehang het en wat sy dan met 'n spesiale kartelskêr in rondings of diamantpatrone geknip het om darem die illusie van elegansie voor te hou. Bo-op het sy haar versameling varings en begonias in groot, witgeverfde blikhouers uitgestal – ek vermoed dit was leë gellinggrootte olieblieke wat Pappa uit die koöperasie saamgebring het.

Ek herinner my 'n opruiende geilheid aan groen op die nederig verfraaide stellasierakke – swaardvarings wat onbeteueld in spitspuntige bosse uit die groot ou blieke opgeskiet het, en katsterste – uitbundige ontploffings groengepluimde weligheid. Die kroon van haar versameling was haar begonias wat oor dekades heen uit steggies van familie en vriende se stoepes af gekweek is – in allerlei ongetemde skakerings van groen na pers en purperrooi, wat Ouma soos gekwete kindertjies vertroetel het.

Ek onthou lang somersaande op die stoep – Ouma wat vroeggaand al as die felheid van die dag se hitte wyk, op haar rottangstoel met die

verbleikte lappieskussing by die voordeur stelling inneem, naaldwerkie in die hand en 'n glas tuisgemaakte gemmerbier waarin rosyne dans op 'n klein sytelfeltjie langs haar. Kort-kort sou iemand uit die buurt verbykom en vir 'n wyle by die tuinhokkie vashaak vir 'n praatjie oor die weer of die welstand van 'n geliefde.

Na ete saans is ek en Boetie saam met Ouma stoep toe terug om nog na die aandgodsdienste oor haar transistorradiotjie te luister. Na die oordenking was daar 'n radiovervolgverhaal, waarna ons bed toe moes gaan.

Die huis en stoep se ligte was teen dié tyd lankal afgeskakel – om muskiete en motte teë te hou, want alle deure en vensters was oop om die koel lug te laat sirkuleer.

Tot laataand sou ek nog die grootmense buite op die donker stoep hoor praat of saggies lag, hulle stemme 'n gemoedelike murmel, soms onderbreek deur Pappa wat sy pyp teen die stoep se buitemuurtjie uitklop of die geklingel van 'n teelepel teen Ouma se laaste beker heuningtee, Pappa se losgruishesie.

Aan die kraakgeluid van sy stoel kon ek altyd hoor dat einste hy eerste opgestaan het om die donker huis weer in te gaan. Soms sou hy vir oulaas nog op die voordeurdrempel talm om klaar te luister na wat daar gesê word en dan sou sy herkenbare voetval gang-af die donker in verdwyn. Die res sou nog 'n wyle sit, soms in gemeensame stilte, tot Ouma met 'n gefluisterde “Nag, kindjie” ook na binne verdwyn.

Toe Mamma onlangs sterwend was en ek lang aande om by haar gewaak het, moes ek weer daaraan dink hoe sy altoos die laaste was om in te gaan.

Ek dink dikwels terug aan daardie Calvinia-aande van my kindertyd, veilig doeselend en loom met die grootmensstemme wat nog vaagweg eggo in die donker op die stoep. Ook nou, hier tussen my kletsende vriendinne in die Hantam, of meermale tuis, op swoel Bolandse somersaande wanneer ek en die hond op die agterstoep se langbank lê en in die donker stilte na die maanlig oor die Stellenbosch-berg opkyk. Soms wil-wil ek my verbeel dat ek weer daardie vertroude murmel van my voormense kan hoor.

Dan betrap ek my in 'n onverhoedse glimlag en soms selfs in 'n skalkse groet voor ek ook opstaan om binnetoe te gaan deur die donker agterdeur waarlangs my liewe man al jare eerder die laaste keer verdwyn het. 🏠

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**



www.ashleyfurniture.co.za | **Centurion** | Tel: 012 749 3100
65 Landmarkslaan, Kosmosdal, Centurion, 0157



BRING LUUKSHEID HUIS TOE

Sê totsiens vir koue oggende met Jeeves se verhitte handdoekrelings, wat jou in warmte en styl toevou.

Ontdek ons ontwerpe en vind jou naaste handelaar by jeeves.co.za

JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24